



# Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 14 / no. 7  
Julie 2005

## MARANATA!

Twee engele het aan die dissipels verskyn met Jesus se hemelvaart. Hulle het 'n boodskap gehad wat uit twee dele bestaan. Eers is die dissipels verseker dat Jesus opgeneem is in die hemel (Hand. 1:11). Hy het nie sommer net verdwyn nie. Hy het in sy hemelse heerlijkheid en majesteit ingegaan. En in die tweede plek moes die dissipels weet: "Hy kom ook weer – net soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het". Ons verwag Jesus Christus uit die hemel; ons Here Jesus Christus sal weer met groot heerlijkheid en majesteit uit die hemel kom. Liggaamlik en sigbaar. Net soos Hy opgevaar het.

Dit is die besondere en mooi van ons Christelike verwagting van die toekoms – ons sit nie en wag in verskrikking op 'n klomp onvoorspelbare en vreemde dinge wat moet gebeur nie. Daar is by baie gelowiges soveel spekulasies rondom die wederkoms van Christus en ons opstanding uit die dood. Geweldig ingewikkelde verhale word bymekaargemaak. 'n Paar wederkomste van Christus word voorsien wat *of* voorafgegaan word met 'n duisendjarige heerskappy van Christus op aarde *of* waar daar 'n duisend jaar van vrede volg op sy koms. Tussenin sou nog 'n wegraping plaasvind waar reeds 'n opstanding uit die dood van gelowiges moes inpas.

Die Skrif is egter ewe eenvoudig as wat dit duidelik is oor ons toekomsverwachting - ons verwag ons Verlosser. Ons toekoms is verbonde met Hom. Sý toekoms is óns toekoms. Ons verwag ons Here Jesus Christus wat kom met sy hemelse koninklike majesteit. Ons toekomsverwachting op die kort en langste moontlike termyn het met die toekoms van iemand te doen. In die sogenaamde post modernisme word hierdie lewende verwagting weggeneem. Ons lewens word beroof van sin en doel. Die toekoms gaan daaroor dat elke mens sy plek moet kan vind in die kosmiese harmonie. Mense leef dan sonder hoop, verwagting en verantwoordelikheid die toekoms in. Alle konsentrasie val op die lewe van nou. Paulus se woorde dat die lyding van die teenwoordige wêreld nie opweeg teen die heerlijkheid van die toekomstige nie, is nie net onverstaanbaar nie, maar ongewens. Die lewe moet nou en hier geleef en geniet word. Mōre bestaan nie, net die hede.

Paulus waarsku teen nuttelose spekulasies oor die toekoms (Kol. 2:19). Pragtige sketse oor die toekoms kan hoe vroom ook al klink en lyk, maar dit is nutteloos. Dit het 'n skyn van vroomheid. Teenoor al die spekulasies moedig Paulus ons aan om eerder vas te bly hou aan ons Hoof, Jesus Christus. Hierdie geloofsband met Christus is die bepalende vir ons toekoms. Dan hoef ons nie te spekulere oor die datum en presiese manier van wederkoms nie. Ons kyk nie teen die graf vas asof daar nie 'n lewe anderkant die graf is nie. Hoe ons opstandingsliggaam gaan wees, weet ons nie presies nie, maar ons verwag Hom wat ons Hoof is en weet dat ons aan Hom gelykvormig sal wees. Daarom is roep saam met die Gees: Kom, Here Jesus, kom gou!

## In Hierdie Uitgawe



### Tema: Toekomsverwachting

- Ek glo teen hoop op hoop ..... 3
- Christus en die toekoms ..... 5
- Suid-Afrika: waarheen is ons op pad ..... 7
- Wat doen 'n klassis? ..... 2
- Uitsien na Jesus ..... 10
- Reaksionele hande ..... 11
- Onderhoud met Prof van Dam (Kanada) .. 13
- Venster op Galasiërs ..... 15
- Sondag: dag van die Here 17
- Liturgie: stimulerende middels ..... 20
- Liefde in die opvoeding ... 22

# WAT DOEN 'n KLASSIS?

Atze Herder

## KERKLIKE LEWE

### INLEIDING

Soos bekend, het die sinode van Johannesburg 2002 besluit om twee klassisse in te stel, toe nog met elkeen drie kerke. Een van die vrae wat maklik ontstaan, is die nut en doel van 'n klassis in 'n klein kerkverband soos ons s'n.

### TEKORTKOMINGS IN DIE KERKVERBAND

Een van die probleme wat ons gemeentes in die verlede ondervind het, was die feit dat 'n sinode slegs een keer in twee jaar byeengekom

het. Die kerke het dus net een keer in twee jaar amptelik ontmoet. Ook was destyds vasgestel dat die visitasie slegs een keer in twee jaar sou plaasvind. Uit die geskiedenis van die kerke het egter geblyk dat daar in die jare 1990 tussen elke algemene sinode een of meer *ad hoc*-sinodes plaasgevind het met voorstelle m.b.t. kerklike eksamens of toelating van gemeentes uit ander kerkverbande op hul agendas.

Volgens die geldende kerkorde is dit egter alles sake wat normaalweg deur die klassis afgehandel word. Bowendien was die algemene gevoel dat die tweajaarlikse visitasie, ook normaalweg 'n saak van die klassis, nie heeltemal voldoende was nie en weer verander sou moes word na 'n jaarlikse visitasie, soos die kerkorde dit vasgestel het.

Om al hierdie sake te ondervang, is daar in 2002 besluit om klassisse in te stel en om al die sake wat volgens die kerkorde daar afgehandel moet word, dan ook daar te laat plaasvind. Die klassis vergader dan ook elke ses maande. Daarenteen kom die sinode, weens 'n verminderde werkslas, sedertdien elke drie jaar byeen.

### TAKE VAN DIE KLASSIS T.O.V. DIE PREDIKANTE

Wat doen 'n klassis dan? Elke saak wat betrekking het op verandering van standplaas of status van 'n predikant, dien eers op 'n klassis. Dit hou in die aanneming van 'n beroep, goedkeuring vir die uitbring van 'n tweede beroep op dieselfde predikant, die beroepbaarstelling van kandidate en van predikante wat vanaf ander kerkverbande oorgekom het. Ook die emeritering, losmaking en afsetting van 'n predikant deur 'n kerkraad kan nie plaasvind sonder voorafgaande goedkeuring deur die klassis nie. En ten slotte, die ondertekening van die belydenis deur 'n nuwe predikant vind plaas op die klassis.

### TAKE VAN DIE KLASSIS T.O.V. DIE GEMEENTES

As gemeentes vanuit 'n ander kerkverband wil aansluit, sal die klassis 'n besluit daarvoor moet neem. Dit is om seker te maak dat die betrokke gemeente werklik 'n gemeente van Christus is. Dis ook die klassis wat besluit of en wanneer tot gemeentestigting oorgegaan kan word. In die geval van hulpbehoewendheid van 'n gemeente sal die klassis besluit oor die hulp wat verskaf moet word.

Wanneer 'n gemeente vakant raak, sal die klassis 'n konsulent aanwys. Daarby behoort wel rekening gehou te word met die wense van die betrokke gemeente.

Die klassis dien ook as instansie van appèl t.o.v. besluite van die kerkraad. Hier blyk alreeds 'n voordeel van die meer gereelde vergaderings van die klassis. Vroeër moes die sinode hieroor oordeel, en as die volgende sinode eers oor twee jaar byeengekom het, het daar dus 'n probleem ontstaan.

'n Klassis behoort op elke vergadering te vra na die voortgang van die ampswerk en of daar vrae is waarby die klassis hulp kan aanbied. Hier kan ons naamlik ook dink aan die noodsaaklike hulp by tugsake. Ten slotte rapporteer die visitatore elke jaar oor die besoeke wat aan die gemeentes gebring is.

### TAKE VAN DIE KLASSIS T.O.V. DIE KERKVERBAND

Ons sien dus dat die klassis 'n beskermende funksie het, nl. om daarteen te waak dat nie elke persoon of kerk somer toegelaat word sonder 'n behoorlike ondersoek nie. Ook word voorkom dat 'n te groot betrokkenheid tussen persone en gemeentes eventuele besluite kan beïnvloed. En omdat slegs die klassis nuwe voorstelle aan die sinode kan voorlê, beteken dit dat die sinode voorstelle in behandeling neem waarvoor alreeds in breër verband nagedink is.

### TEN SLOTTE

Ons sien dus dat 'n klassis 'n goeie funksie het en baie werk vermag. In volgende artikels hoop ons om 'n aantal sake van nader te beskou. ▣

Eienaar en uitgewer:  
Stigting Woord en Wandel  
G de Jager (voorsitter)  
BJ Kamphuis  
A Bron (sekretaris)  
Tel. (012) 332-0943  
E-pos (stigting):  
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker: Printburo  
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen  
(eindredakteur)  
Mev. M de Vries  
ds C Kleijn  
J Moes  
A Roos  
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. JW Douma  
Saxenburgsingel 14  
Oakglen  
Bellville 7530  
Tel. (021) 919-5176

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide  
Oldenkottebrink 60  
7544 LP Enschede  
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. J van Dijk  
Posbus 23931  
Gezina 0031  
Tel. (012) 332-1107

Elektroniese betalings:  
Stigting Woord en Wandel  
Nedbank Gezina  
Takkode: 16 03 45  
Rek. nr: 1603 031 820  
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):  
E-pos: RSA R40  
Buiteland • 10  
RSA: R80 (per hand)  
R90 (per pos)  
Buiteland: Seepos • 30  
Lugpos • 40

# EK GLO TEEN HOOP OP HOOP

- Verwachting in 'n tyd sonder toekomsvisie -

Erik van Alten



## TEMA: TOEKOMSVERWAGTING

**Die toestande lyk gunstig om uit te vaar. Die suidewind waai saggies en die skip is gelaai. Wat kan fout gaan? Maar dan begin die wolke saampak en die wind neem stormsterkte aan. Die skip word meegesleep en kan nie meer teen die wind weerstand bied nie. Die bemanning doen alles wat hulle kan om deur die storm heen te kom. Die vraag word oorboord gegooi, en later word selfs die skeepsgereedskap uitgegooi. Maar toe dit ook nie help nie, “het ons dit opgegee en weggedrywe”. Die storm was hewig en vir baie dae lank kon die skepeling die son en die sterre nie sien nie. Uiteindelik het hulle alle hoop opgegee om gered te word. Dan staan 'n gevangene op en neem die woord. Hy roep almal op om moed te hou, omdat sy God hulle uit die storm sou red. En inderdaad ...!’**

Optimisme, gevolg deur wanhoop, en dan ... die boodskap van redding – kern-elemente in hierdie geskiedenis uit Handeling 27. Dit is teweens elemente wat perspektiewe bied vir die wyse waarop ek in hierdie artikel die saak van die Christelike verwagting en toekomsvisie wil belig. Kom ons volg die verhaal.

### OPTIMISME

Sedert die Verligting van die agtiende eeu staan die triomf van die menslike rede sentraal. Daar word geglo dat die Rede 'n blink horison van vryheid en welvaart bied. Wetenskap en tegnologie vorm die belangrikste sleutels tot hierdie paradysagtige toekoms, en ekonomiese vooruitgang is die belangrikste motor om daar te kom. Vooruitgang – dit is die wet van die

gang van die menslike geslag. Opvoeding vervang die genade en tegnologie vervang die skepping. Die historiese proses is op pad na Utopia, gestuur en gedryf deur die menslike kennis en vermoë.

Dit was die heersende stemming teen die 1890's in Europa, 'n stemming gekenmerk deur optimisme en verwagting. 'Vooruitgang' het die nuwe geloof geword en die mensdom was oortuig dat hy deur geleidelike voortgang tot volmaaktheid kon kom. Vooruitgang was onherroeplik die rigting waarin die wêreld gegaan het, en verligte mense was deel van hierdie proses na menslike volmaaktheid en heerskappy oor die wêreld.

*“Ons staan op die drumpel van 'n groot tyd ... In wetenskap, in godsdiens, in sosiale organisasie, ons weet almal watter dinge in die lug is ... Dit is die era van groot verwagting en van onvermoede strewende na beter dinge.”<sup>2</sup>*

### WANHOOP

Hoe kon die mens hom so misgissig het? Telkens tydens die 20e eeu het geblyk dat Utopia 'n droom, 'n hersenskim, was, en dat die mens self beheers word deur die kragte wat hy opgeroep het. Die groot verhaal van vooruitgang en die droom van Utopia is verpletter op die rotse van Auschwitz, Hiroshima, Viëtnam en Srebrenica.<sup>3</sup> Ons leef in 'n wêreld wat vol is van dood en verderf, vol van ellende en pyn. Dink aan die duisende kinders wat per dag sterf van die honger, dink aan die slagoffers van vigs, dink aan die trane in ons eie gemeentes en gesinne...

*“Ons strompel almal saam na die einde van die eeu. En wat is in Gods Naam nog ons doel?”<sup>4</sup>*

Die moderne vooruitgangsgeloof het by baie in ons tyd skipbreuk gely. Die verlossende krag van die geskiedenis het weggeval. Verlede en toekoms het hul glans verloor. Wat saak maak, is vandag, nou. Dit

is die manier waarop in ons tyd met die trauma van die vooruitgangsgeloof omgegaan word. Ons leef voluit vir vandag; gister is vergete en môre is onbelangrik. “Going Titanic first class” word hierdie lewenshouding genoem – jy sit op 'n sinkende skip, maar dit maak nie saak nie, solank jy nou genot en gemak kan beleef.

### DIE GOD VAN DIE GESKIEDENIS

Gepraat van sinkende skepe, Paulus was ook op een. Nie “first class” nie, maar met boeie aan. Sinkend en vasgeketting – kan dit nog hopeloser word? En tog is hy die een wat in die wanhopige situasie in Handeling 27 opstaan met 'n boodskap van hoop. Nie 'n boodskap van vooruitgang nie, maar van vooruitsig. Paulus verwoord hierdie selfde boodskap in 2 Korinthiërs 1:9-10 soos volg: “Ja, ons het al self by onself die doodsvonniss oor ons gehad, sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God wat die dode opwek; wat ons verlos het uit so 'n groot doodsgevaar en nog verlos; op wie ons hoop dat Hy ook nog sal verlos, ...” Dit is die boodskap van die Christen vandag. Nie vooruitgang nie; dis 'n “bubble” wat lankal gebars het. Ook nie wanhoop nie, al lyk dit asof so baie dit vandag met 'n passie omhels. Nee, ons het saam met Paulus 'n boodskap van hoop, van vooruitsig. Wat hou hierdie boodskap in?

Dit is opvallend dat Paulus in sowel Handeling 27 as 2 Korinthiërs 1 sy hoorders/lesers nie rig op iets waardeur hulle beheer oor hul lewe en omstandighede kan herwin nie; hy gee hulle nie (self)vertroue nie. Nee, hy vrá vertrou! Hy rig hulle immers op iemand, op die God van die geskiedenis. Dit vra oorgawe;

dit is geen maklike opgawe vir die mens nie, allermins vir die hedendaagse mens. Maar wie die bladsye van die Skrif omblaai, leer sien dat hierdie God die gevraagde vertroue volledig werd is. Die Skrif leer ons immers 'n God ken wat so groot is dat Hy die geskiedenis oorstyg (teenoor die moderne optimisme wat die geskiedenis/voortuitgang vergoddelik), maar tog so liefdevol is dat Hy voluit by ons geskiedenis betrokke wil wees (teenoor die post moderne pessimisme wat nie kan insien hoe 'n groot God tog betrokke kan wees nie). Eindeloos groot, en tog eindeloos betrokke! Twee kernpunte uit die heilsgeskiedenis kan dit illustreer.

- In Genesis lees ons verskeie male dat die Here aan Abraham belowe het om hom die vader van 'n groot volk te maak.<sup>5</sup> 'n Onwaarskynlike belofte – Abraham was immers al teen die honderd, en by Sara het dit “nie meer volgens die reël van die vroue gegaan nie” (Gen. 18:11). Die aardse werklikheid, die lewensgeskiedenis van Abraham en Sara, lyk asof dit die Here in sy werk gaan stuit. Tog is die geskiedenis geen hindernis vir God nie, intendeel, die geskiedenis is sy werkterrein. Hy stuur, Hy bewerk, Hy bevrug, selfs waar die moederskoot toe is. God bréék die sondige wêreld oop, lê beslag op wat syne is, en skep nuwe hoop! Daarom lees ons ook in Romeine 4:18 dat Abraham teen hoop op hoop geglo het dat hy vader sou word van baie volke. Teen hoop op hoop, omdat hy die God leer ken het wat én magtig is om te doen wat Hy belowe het én só liefdevol is om sy kinders nie te vergeet nie.
- Op die hoogtepunt van die geskiedenis, in die volheid van die tyd, lees ons van die krip in

Betlehem. God *in* die geskiedenis – Hy kon dit nie beter gewys het as in ons Here Jesus nie. Jesus se lewe op aarde is chronologies aantoonbaar, dit is geografies bekend, ons kan sy geslagsregister lees – God het werklik mens geword. So werk God in die geskiedenis tot ons redding, tot hoop vir die wêreld. En wanneer Christus by sy hemelvaart die aarde verlaat, word Hy nie aan die geskiedenis onttrek nie. Intendeel, Hy wat Homself verneder het tot die dood aan die kruis, word deur God verhoog tot Heer oor hierdie wêreld en haar verloop, “sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader” (Filip. 2:6-11). Hy is die Een wat waardig is om die seëls van die boek, wat God se plan vir die geskiedenis bevat, oop te breek (Open. 5). Johannes, wat aanvanklik gehuil het, omdat daar skynbaar niemand was om dit te doen nie, word gewys op die geslagte Lam met die sewe horings (onbegrensde krag) en die sewe oë (onbegrensde kennis en wysheid). Hy is die Mens wat waardig is om met herderlike bewoënhed en liefde hierdie wêreld en haar geskiedenis te lei na die einde, na die nuwe begin.

So kan ons op tallose voorbeelde uit die heilsgeskiedenis wys – trouens, die woord 'heilsgeskiedenis' self gee alreeds blyk van hierdie wonder. Die wonder van die God van die Skrifte wat in staat is om die koers van die geskiedenis te bepaal, en dit doen ter wille van die heil van sy kinders. Eindeloos groot, en tog eindeloos betrokke ...

## TEN SLOTTE

Ons het die wêreld iets om te vertel; ons het 'n onvoorstelbare God om te verkondig. Nie een wat ver van ons verwyder is nie (soos in die tradisionele Afrika-godsdienste), nie een wat eintlik nie meer God is nie (soos in die Westerse sekularisasie), maar Een wat, hoewel hoog bo ons verhewe en met heerlijkheid omgewe, tog genadig neersien op wie voor Hom in kleinheid lewe (Ps. 113:2 berym). Hy is die dra-krag van die wêreld en van die geskiedenis waarbinne ons lewe, Hy is die God waarop ons teen hoop op hoop glo. Daarom skrei dit ten hemel as mense vandag in wanhoop sterf. Wanhoop is geen hoop nie; wanhoop is niks en dit lei nêrens heen nie. Hoop daarenteen laat lewe, gee toekoms-perspektief. Hoop wag op die tyd dat dit nie meer nodig is om te hoop nie, wanneer God die geskiedenis tot voltooiing gebring het. Intussen, terwyl die geskiedenis nog voortgaan na die einde toe, roep hoop op tot lof. Lof van waar die môre straal, lof tot waar die sonlig saans weer daal, die lof, aanbidding, prys en ere! (Psalm 113:1 berym) ☩

<sup>1</sup> *Na aanleiding van Handeling 27:14-44.*

<sup>2</sup> *Woorde van Frederic Harrison, aangehaal en vertaal uit Bauckham, R. & Hart, T. 1999. Hope against hope. Christian eschatology in contemporary context, bl. 5.*

<sup>3</sup> *Hierdie is maar net enkele voorbeelde van die oorloë en geweld wat die mensdom tydens die 20e eeu getref het.*

<sup>4</sup> *Woorde van 'n liedjie uit die einde van die vorige eeu, aangehaal en vertaal uit Hoek, J. 2004. Hoop op God. Eschatologiese verwachting, bl. 15.*

<sup>5</sup> *Onder andere Genesis 12:2, 13:16, 15:5, 17:5-6 en 18:17-18.*



# CHRISTUS EN DIE TOEKOMS

K. Bijzet



## TEMA: TOEKOMSVERWAGTING

### HOE MOET DIE ONDERWERP BENADER WORD?

Dit is baie belangrik om te let op die presiese formulering van hierdie onderwerp. Dit handel oor Christus en die toekoms. Nie byvoorbeeld oor: "Met Christus die toekoms in", nie. Dan stel ons onself voorop. En wie of wat is ons sonder die roeping en verkiesing van God? Ons roeping en amp is juis afhanklik van die Christus van God.

Nog veel minder kan gehandel word oor: "Die toekoms en Christus". In die samevoeging van hierdie twee woorde is die toekoms die onseker faktor. Maar Christus is die vaste rots waarop ons toekoms gebou kan en moet word. Ons moet by Christus begin en by Hom eindig.

Sondag 12 van die Heidelbergse Kategismus spel voor ons uit wat die naam Christus, dit is Gesalfde, beteken. Hy is deur God die Vader verordineer, geroep en aangestel, en met die Heilige Gees gesalf tot ons hoogste Profeet en Leraar, tot ons enigste Hoëpriester en tot ons ewige Koning.

Bekende woorde en begrippe moet soms opnuut genoem word. Want as ons wil nadink oor Christus en die toekoms moet ons terug na die begin. God het die mens op die aarde geplaas as sy beeld, sy goewerneur, sy ampsdraer op aarde. Maar die mens het die ampswerk verwerp. Hy was ongehoorsaam. En as God nie ingegryp het nie, sou die eerste mens self ondergegaan het en ook al sy nakomelinge saam met hom gesleep het. Maar God gryp inderdaad in. Hy roep sy eniggebore Seun, Hy stel Hom aan in die plek van die mens. Hy moet die mens met God versoen. Daartoe sal Hy Hom met die Heilige Gees. Die mens moet verlos word om so tog te kom tot die doel wat van die begin af gestel is – die vereniging van hemel en aarde.

In die volheid van die tyd word Jesus gebore uit die maagd Maria. En Hy is die Christus. Hy betaal ten volle vir al ons sondes. Hy versoen diegene wat in Hom glo met die Vader en gee hulle hulle amp terug. Hy bly as die Christus ook by ons tot die voleinding van die wêreld, of die voleinding van die eeue. Sy werk gaan verder. Dit staan ook in Hand. 1:1. Die eerste verhaal (die evangelie volgens Lukas) vertel oor alles wat Jesus *begin* doen en leer het. Die boek Handelingte vertel dus oor die vervolg – hemelvaart en Pinkster en die saamvergadering van die Christelike kerk.



### JESUS CHRISTUS IS EN BLY DIESELFDE

Maar hoe nou verder? Wat ons betref kyk ons nog maar altyd vas teen omstandighede. Ons lees in Ef. 1 dat God Jesus aan sy regterhand in die hemele laat sit het en Hom gestel het bo alle owerhede en magte en kragte en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. Christus is dus nog altyd saam met ons en sal met ons bly.

Die Skrif verseker dit in nog sterker taal. Ons lees byvoorbeeld in Ef. 2: 6 dat God ons saam opgewek het en in die hemele laat sit het in Christus Jesus. Hoe moet dit verstaan word? Ons is nog op hierdie aarde en ervaar nog teenstand van buite en onrus en twyfel

van binne. Die Bybel spreek egter op so 'n stellige manier omdat daar altyd in belofte-vorm gepraat word.

Woorde word uitgehol deur gebruik of andersins. So het dit met die woord belofte gegaan. As iemand vir ons sê: "Ek belowe jou", dink ons maklik: "Ons moet dit eers sien". In die Skrif is dit egter anders. Daar beteken belofte sekerheid. Want dit hang af van wie praat. En as God iets sê *is* dit seker en beteken twyfel en onrus eintlik sonde.

Maar reeds in die Nuwe Testament hoor ons van agteruitgang en veragtering in die genade. Die brief aan die Hebreërs handel hieroor. Die mense waaraan die brief gerig is, dreig om af te val. Want waar bly die vervulling van al die heerlike beloftes wat hulle ontvang het?

Die skrywer van die brief wys dan in die eerste plek op die heerlijkheid van Christus. Hy is verhewe bo die engele, bo Moses en bo Josua. Want Hy is die Seun en Hy het in sy eie liggaam die offers wat die Ou Testament geëis het, vervul en so tot 'n einde gebring. Hy is die priester volgens die orde van Melgisedek. Meteens Koning van die geregtigheid.

En in die laaste hoofstuk staan die pragtige woorde: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid (Hebr. 13:8). Dit is woorde wat troos en bemoediging ook vir die toekoms. Ons weet mos van sy trou en volharding?

Ook Petrus ontmoet mense wat begin twyfel aan die beloftes van God. "Spotters" noem Petrus hulle. Daardie spotters vra: "Waar is die belofte van sy wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die skepping af" (II Pet. 3:4). Ons kan ook sê – die belofte van sy koms of sy aankoms.

Alles bly soos wat dit was van die skepping af. Niks verander nie, so sê die spotters. Die koms van Jesus wat die Christus genoem word,

het geen verandering gebring nie. En sou daar dan nog 'n verdere koms wees?

Maar daar *is* 'n belofte van sy koms. Vir sy kerk beteken hierdie belofte dat Christus ons sal help en bewaar by die verlossing wat Hy bewerk het. Dit sê Sondag 12 ook reeds. Hy bewaar ons daarby en wil ons seën in ons lewe. Ons help in ons ampsvervulling. Ook al sien ons nie altyd duidelik hoe Hy werk nie.

### **DIE HOOP BESKAAM NIE**

Om terug te kom op die brief aan die Hebreërs. Die mense aan wie daardie brief gestuur is, het gevaar geloop om af te val. In hoofstuk 6 van die brief wys die skrywer dan op die belofte wat God reeds aan Abraham gegee het. Daardie belofte het God ook nog bevestig met 'n eed. Hierdie belofte en die eed moet die lesers aanspoor om vas te hou aan die *hoop* wat voorlê. Daar kom nog dinge!

Hoop is ook weer 'n woord wat in ons taalgebruik uitgeslyt het. Wie sê: "Ek hoop so", gee daarmee reeds twyfel te kenne. Maar in die Bybel is dit ook weer heeltemal anders. Hoop is 'n uiting van vastheid. Hoekom? "Ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het" (Heb. 6:19 en 20). Binnekant die voorhangsel was die ark van die verbond. Jesus het daar ingegaan met sy eie bloed. Alles is vas en seker.

Menslike hoop beskaam. Dit kom omdat ons dit in ons eie hart of lewe soek. Maar 'n anker word buitekant die skip gegooi. In hierdie geval buitekant onself. Dit rus in die werk van Christus. Daarom beskaam dit nie.

### **HOOP EN TOEKOMS**

Die teks uit I Kor. 13 waar gepraat word oor geloof, hoop en liefde, het vir ons iets van 'n "dogmatiese" uitspraak geword. In I Thess. 1:3 en

in I Thess. 5:8 word ook hieroor gepraat maar dan in 'n bietjie ander volgorde – geloof, liefde en hoop. Op die woord wat die laaste genoem word, wil die skrywer die nadruk lê. Die Korinthiërs moes herinner word daaraan om nie die liefde te verwaarloos nie, ook al sou dit wees ten gunste van besondere Geestesgawes. Die Tessalonisense was blykbaar intensief besig met die koms van Christus. Hulle aandag moes op die *hoop* gevestig word.

Daar is 'n baie nou verband tussen geloof, liefde en hoop. Die geloof wat hom werp op wat God in die verlede gedoen het, gee oorsprong aan, en werk deur, die liefde. Hier en nou. En hierdie geloof wat deur die liefde werk, rig hom volhardend en hoopvol op die toekoms met Christus.

Die briewe aan die Tessalonisense praat met nadruk oor dinge wat in die toekoms sal gebeur. Hoofstuk 4 en 5 van die eerste brief handel oor die opstanding uit die dode en die wederkoms van Christus. En hoofstuk 2 van die tweede brief praat oor die openbaring van die "mens van die sonde". Daar word geen details genoem om nuuskierige mense te bevredig nie. Maar daar word wel gesê wat ons moet weet. Die dooies *sal* opgewek word. "Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Christus ontslaap het, saam met Hom bring" (I Thess. 4:14).

Die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, volgens die woord van Jesus self. En omdat ons dit weet, moet ons altyd wakende wees, sodat daardie dag ons nie sal oorval nie. Die dag is nou nog nie daar nie, daarom moet elkeen rustig met sy werk aangaan.

"En mag onse Here Jesus Christus self en onse God en Vader, wat ons liefgehad het en 'n ewige troos en goeie *hoop* in genade gegee het, julle harte vertroos en julle versterk

in alle goeie woorde en werke: (II Thess. 2:16 en 17).

### **CHRISTUS EN DIE TOEKOMS**

So leer ons uit die eenheid en volheid van die Skrif om ons geloof, vertrou en hoop op Christus te stel. In baie beelde wat dikwels aan die Ou Testament ontleen is, word oor die toekoms gespreek. Die doel daarvan is in die eerste plek dat ons altyd waaksaam sal wees.

Ons moet altyd oplettend wees. In ons dae beleef ons ook weer wêreldskokkende dinge. Let ons nog daarop? Op 11 September 2001 het in 'n paar uur se tyd 'n verandering in die loop van die wêreldgeskiedenis plaasgevind. Die vraag is: Sien ons daarin nog die hand van die HERE?

As daar oor die toekoms gepraat word, kans ons so maklik in spekulاسies vasval. In die begin van die jare vyftig van die vorige eeu het 'n boek verskyn met die titel *De maatschappij der toekomst*. Die skrywer van hierdie boek was 'n wetenskaplike en sy konklusies was baie versigtig. Tog kan jy agterkom hy dink die wêreld sal beweeg in die rigting van groter staatsmag en minder persoonlike vryheid. Dit was ook in die lyn van die tyd waarin die boek geskryf is. In ons tyd met sy post moderne individualisme sou 'n mens 'n ander voorspelling kan maak. Die Skrif spreek oor die toekoms, soos gesê, sodat ons altyd waaksaam sou wees.

En hiermee keer ons terug tot die begin van die artikel. Dit handel nie sommerso oor die toekoms nie. Maar oor Christus en die toekoms. Hy gaan voorop. Sy beloftes gaan met ons saam. Ons hoop is op Hom.

"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons" (II Kor. 1:20). ▣

# SUID-AFRIKA - WAARHEEN IS ONS OP PAD?

Willie Spies



## TEMA: TOEKOMSVERWAGTING

**“Kwel julle nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel”, het Christus sy volgelinge tydens die bergpredikasje geleer. Christus se evangelie aan sy kinders is dus dat ons nie oor die toekoms besorg moet wees nie, maar in afhanklikheid aan Hom na die toekoms kan uitsien.**

Hierdie uitsien na die toekoms moet aan die ander kant weer nie op 'n verwaande en eiesinnige wyse geskied nie. Jakobus waarsku weer die kerk soos volg: “Kom nou, julle wat sê: vandag of môre sal ons na dié en dié stad gaan en daar een jaar deurbring en handel drywe en wins maak – julle wat nie eens weet wat môre sal gebeur nie. Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn. In plaas dat julle sê: As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen. Maar nou roem julle in jul grootpraterij.”

Maar kan 'n mens dan oor die toekoms van ons land en sy mense bespiegel? Kan ons vra waarheen is Suid-Afrika op pad en wat hou dit vir ons in. In die Ou-Testamentiese geskiedenis is daar 'n verskeidenheid voorbeelde waar God profete gestuur het as sy gesante om sy wil aan sy volk te openbaar, sy oordeel aan te kondig, maar ook die blye boodskap van genade en verlossing oor te dra. Telkens het die profesieë ook met die toekoms gehandel – en telkens is die grootheid van God geopenbaar in die vervulling van daardie profesieë, hetsy deur heil of deur onheil.

Maar daar is ook die geskiedenis van Saul en andere wat, in sy angskor die toekoms, hom van God weggekeer het, die heks van Endor geraadpleeg het, en finaal tot 'n val gekom het.

Die vraag is nou hoe handel 'n mens met die tendense wat ons onwillekeurig raaksien, gebeure in ons buurlande wat ons waarneem of bloot die groeiende werks- onsekerheid, misdaad en gepaardgaande gevoel van onveiligheid wat ons dikwels beleef.

As kinders van God is dit ons roeping om as koninklike stryd- ers te heers oor die skepping; as priesters te bid vir die wêreld en sy volkere, ons land, sy mense en sy regeerders; en as profete die evan-



gelie van genade en verlossing in Christus, maar ook van geregtigheid en oordeel, te verkondig. Dit is dus ook vanuit hierdie roeping, en nie met 'n vreesagtige en ongelowige besorgdheid oor die toekoms nie, wat ons aan die hand van die beginsels wat God in sy Woord neerlê, kyk na die wêreld om ons en wat die toekoms moontlik vir ons kan inhou.

Die vyf tendense wat ongetwyfeld in gedagte gehou kan word, en ook 'n rol in Suid-Afrika speel en voortaan gaan speel, kan soos volg opgesom word:

- globalisering;
- die inligtingsomwenteling;
- sekularisering;
- botsing van identiteite; en
- aardverwarming.

Ons bespreek kortliks hierdie tendense en hulle invloed en toepassing op Suid-Afrika.

### GLOBALISERING

Die onlangse oornome van Absa Bank deur Barclays, die hervestiging van De Beers se hoofkantoor in Londen en die notering van Anglo-gold, Didata, Telkom, Sasol en vele ander maatskappye op aandelebeurse in New York en Londen, is maar enkele voorbeelde van die invloed van ekonomiese globalisering op Suid-Afrika. Tendense op politieke terrein in die rigting van groter politieke eenheid vir Europa en Afrika, is nog 'n uitvloeisel van globalisering. So ook die groter beweeglikheid van mense en families wat letterlik oor drie of vier kontinente verstrooi is.

'n Mens kan verwag dat hierdie tendense sal voortduur. Dit word dikwels aangevuur deur ekonomiese oorwegings en brute materialistiese kapitalisme, en juis daarin lê die nadeel vir gewone mense en hulle gemeenskappe. Ons sien reeds hoe Telkom in Suid-Afrika in sy strewe om aandeelhouders in New York te bevredig, sy plaaslike mark en selfs werkerskorps die rug toekeer.

Die vernaamste gevreesde gevolg van globalisering is die oënskynlik onoorbrugbare kloof wat dit tussen die wêreld, maar ook ons land se rykes en armes, kan bring. Die gepaardgaande misdaad- en konfliktpotensiaal wat daaruit voortspruit, spreek vanself.

### DIE INLIGTINGSOMWENTELING

Na die koms van Christus het twee tegnologiese rewolusies die wêreldgeskiedenis onomkeerbaar verander: die eerste was die ontstaan van die boekdrukkuns en die tweede was die nywerheidsomwenteling. Die derde, wat ons vandag beleef,



is die inligtings-omwenteling. Wie sou 15 jaar gelede kon dink hoe kommunikasie per e-pos so maklik en so toeganklik kon wees, of dat jy vanuit Saoedi-Arabië na die SAUK se Afrikaanse uitsendings oor jou rekenaar sou kon luister, of dat jy vanuit jou studeerkamer werk vir kliënte in Johannesburg, Londen of Amsterdam kon doen sonder enige tydsvertraging, of dat jou selfoon ook 'n kamera en 'n digitale dagboek sou raak? Terwyl baie tegnologie tot onlangs vir Afrika ontoeganklik was weens infrastruktuur-probleme, het die inligtingstegnologie en gepaardgaande selfoon- en koordlose tegnologie dit vir Afrika moontlik gemaak om tegnologiese spronge te maak en met relatief min infrastruktuur. MTN verdien byvoorbeeld die oorgrote meerderheid van sy inkomste in Nigerië, waar groot dele van die land nog nooit landlyntelefone geken het nie.

Die inligtingsontwikkeling maak egter ook mense in die werksplek minder. Rekenaars doen wat spanne mense voorheen moes vermag, groot staalnywerhede sluit en maak plek vir multimiljoen-inligtings-ondernemings wat vanuit huise of klein kantoorjies bedryf word. Eweneens is werksverliese, groeiende armoede en groeiende gapings die ongelukkige anderkant van hierdie munt en weer eens spring Suid-Afrika nie hierdie werklikheid vry nie.

### **SEKULARISERING**

Sedert die Tweede Wêreldoorlog is Europa in 'n spiraal van sekularisering, kerke staan leeg en volgens 'n onlangse peiling is Groot Brittanje een van die mees goddelose lande in die wêreld. Suid-Afrika se jare van isolasie het hierdie tendens, ten minste tydelik, van ons weggekeer, maar sedert 1994 het die stroom net sterker deur Suid-Afrika begin vloei. Die sogenaamde "nuwe hervorming" en teologiese relativisme is maar twee voorbeelde van denkrigtings wat (hoewel so oud soos die Christendom self) tans



baie meer stukrag en selfs steun verkry.

Grondwetlik het sekularisering in Suid-Afrika (net soos in ander lande) gelei tot die wettiging van aborsies, erkenning van "huwelike" tussen mense van dieselfde geslag, die afskaffing van die doodstraf, 'n sinkretistiese onderwys-curriculum en 'n liberale strafregstelsel wat dikwels meer neig om die regte van die misdadiger te eerbiedig as dié van die slagoffer of wetstoepasser.

### **BOTSING TUSSEN IDENTITEITE**

Terwyl konflikte wêreldwyd toegeneem eerder as afgeneem het, is die oorgrote meerderheid van gewapende konflikte nie tussen state nie, maar tussen etniese-en/of godsdiensgroepe binne state. Hierdie konflikte is identiteit-gedrewe en alles dui daarop dat identiteit toenemend 'n krisissvraag in die wêreld raak.

In Suid-Afrika word veral wit-swart-identiteit waarskynlik van regeringskant af net soveel as in die apartheidstyd onder die vergrootglas geplaas. Rasseklassifikasies by skole, op titelaktes en in die werkplek het die norm geraak – omdat die "regstelling van die agterstande van die verlede" nou 'n alles-oorheersende doel is.

Onlangse uitsprake van die Minister van Arbeid dat regstellende aksie hier is om te bly – en dat doelwitte in die verband nog nie naasteby bereik is nie – selfs al verarm die wit gedeelte van die bevolking tans volgens navorsing van Unisa se Buro van Marknavorsing teen 'n koers van tussen 600 en 700 gesinne per

maand, vergroot die frustrasievlakke en gevoel van vervreemding by veral wit Suid-Afrikaners. Daarteenoor bly regstellende aksie slegs 'n herverdeling van die bestaande beperkte hoeveelheid werksgeleenthede, terwyl die tekort aan sowat 10 miljoen werksgeleenthede wat nodig is, nog nie aangespreek word nie.

Soortgelyke sentimente bestaan van regeringskant ten opsigte van die bestaande verdeling van grond. Die gevaar vir Suid-Afrika is natuurlik dat waar 'n regering deurlopend sy arm (hoofsaaklik swart) onderdane herinner dat die oorsaak van hulle probleme geleë is in die feit dat 'n gedeelte van die bevolking wat weer hoofsaaklik wit is, traag is om werksplekke te transformeer en grond te deel, die potensiaal vir 'n botsing tussen identiteite nie verminder nie, maar eerder aangeblaas word.

### **AARDVERWARMING**

Die toename van koolstof in die atmosfeer, wat net nie meer deur die aarde se kleinerwordende plantegroei geabsorbeer word nie, skep 'n kweekhuiseffek wat as 'n ekologiese tydbom gesien word. Die Minister van Omgewingsake het onlangs in 'n toespraak in die parlement genoem dat die eerste tekens van 'n droër westelike deel en 'n natter oostelike deel van die land begin wys. Volgens hom is die eerste aanduiding in die Noord-kaap die uitsterf van kokerbome wat net nie meer in die selfs warmer en droër omstandighede as in die verlede kan oorleef nie.

Met die eerste oogopslag lyk dit of Suid-Afrika se toekoms donker is: 'n land waarvan al meer kundige mense en sakeondernemings die wye wêreld gaan kies bo die land met sy beperkinge; 'n land waarin die gaping tussen ryk en arm net groter gaan word en nie kleiner nie; 'n land wat soos meeste ander lande minder tekens gaan toon van 'n Christelike samelewing en waarin mense hulle al meer aan hulle eie



insigte en begeertes oorgee; 'n land waarin die konfliktpotensiaal tussen swart en wit nog lank nie iets van die verlede is nie; en wat boonop soos enige ander deel van die wêreld getref gaan word deur vernietigende klimaatsveranderinge.

Maar nee, dis nie hoe ons as Christene na die wêreld rondom ons moet kyk nie, "want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing", skryf Paulus aan die jong Timoteüs wanneer hy hom juis aanmoedig om hom nie te skaam oor die getuienis van onse Here nie, maar om die verdrukkinge vir die evangelie te ly, na die krag van God wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping.

En daardie roeping: om as koninklike strydere, priesters en profete te heers oor die skepping, die aarde met krag, liefde en selfbeheersing te bewoon en te bewerk tot sy eer, die waarheid lief te hê, te stry vir geregtigheid, en teen enige dwaling en met ons gesinne as verbondskinders die Here te dien, welwetende dat die oorwinning waarop dit aankom, reeds behaal is!

Deur die Here se genade kan 'n toekomstige Suid-Afrika ook soos volg lyk: 'n land van gemeenskappe wat selfstandig raak en die beperkinge van globalisering oorkom deurdat mense hulle vermoëns en kapitaal in hulle gemeenskappe herinvesteer; 'n land waarin gemeenskappe hulle sodanig bemagtig het dat die gaping tussen

ryk en arm al kleiner word; 'n land waarin gelowige mense en die gemeentes waarin hulle as gelowiges inskakel, die sout van die aarde is, wat aan hulle gemeenskappe 'n aangename smaak gee; 'n land waarin die konfliktpotensiaal tussen swart en wit verdwyn omdat gemeenskappe mekaar ag as boustene van die groter samelewing en skepsels wat na God se beeld geskape is; en 'n land waarin daardie gemeenskappe die aarde bewerk as rentmeesters wat dit doen met die volgende geslagte in gedagte.

Want let op na die lelies van die veld, hoe hulle groei: hulle arbei nie en hulle spin nie, maar selfs Salomo in al sy heerlijkheid, was nie bekleed soos een van hulle nie. ☩



## FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria  
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031  
Faks 012 329 5927




**HENK ASKES:** *Die ouderling vandag – 'n Praktiese handleiding* is weer beskikbaar. O.a.: Huisbesoek vandag, Wie en wat is die ouderling?, Die ouderling as persoon, Waarom huisbesoek? Soorte huisbesoek, Gesprekke tydens huisbesoek en aspekte van gesprekvoering, Die ouderling en die prediking, Die ouderling in die konsistorie, Die verslag oor 'n huisbesoek. Met 'n alfabetiese register van onderwerpe, en gesprektemas met aanvullende notas en toepaslike tekste. Die prys is R75. Aantal ble. 145

'n Goeie kommentaar op die Dordtse Leerreëls is FEENSTRA, PG: Unspeakable comfort. This book explains the Reformed doctrines which are often referred to by the acronym TULIP: Total Depravity, Unconditional Election, Limited Atonement, Invincible Grace, Perseverance of the Saints. These doctrines were defended by the Synod of Dordt in 1618-1619. Since their basis is in Holy Scripture the importance of these teachings is timeless. Prys R 110. Aantal ble. 210

Weer 'n aantal kopieë in voorraad van die boek van KEIZER, P K: Church History Prys R118. Aantal ble. 220

En wie ken nie die boeke van L. PENNING nie? 'De leeuw van Modderspruit' is nou in Engels vertaal. Die titel is 'THE LION OF MODDERSPRUIT'. 'Mr Penning wrote this intriguing novel with vivid descriptions of the South African countryside and a probing look into the questions surrounding the second Boer War. Met foto's. R80. 142 ble.



CD's is slegs verkrygbaar by Rooiels Boekhandel (sien adres hieronder).

### **Ander takke van Folmer Boekhandel:**

**Kaapstad**  
Folmer Boekhandel  
(Petro Drijfhout)  
Bondstraat 7  
Oakdale, Bellville  
7530  
Tel 021 – 948 5883

**Pretoria**  
Rooiels Boekhandel  
(Irene van der Meer)  
Laseandrallaan 115  
Môregloed  
0186  
Tel 012 – 333 8064



# UITSIEN NA JESUS

Ds J Wesseling

## BOEKBESPREKING

Kan ons verlang na die dood en uitsien na die koms van Jesus? Is ons bang en miskien besorg oor familie en vriende wat ongelowig is?

Baie jongmense twyfel en dit is 'n onderwerp wat hulle liefs wil vermy. Ds Wesseling gee voorbeelde van 'n paar jong mense soos Chantal, Ineke, Gerard, Maaïke, Jan en Eize wat baie vroeë het. Hulle is gewone jongmense waar daar verskillende kwessies en bekommernisse in hul eie omgewing en werk situasies is. Die boek bevat alledaagse temas wat oor ons elkeen se lewe gaan, oor ons verlange en ideale van die toekoms en ons geloof. Die kwessies word baie nugter en betroubaar bespreek met baie verwysings na die Bybel, Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelijdenis.

Daar is 4 terreine wat bespreek word waarop ons 'n aanduiding kry dat God kom, nl. In die verhoudings met God (dwalinge, onverskilligheid, veyn, verset), Onderling tussen mense (oorlog, liefdeloosheid), in die natuur (aardbewings, rampe, hongersnood) en by mense self: (liggaamlik: ernstige siektes, wreedheid, honger en geestelik: hoogmoed, sonde, eie wysheid). Die Here Jesus regeer reeds en as gelowiges moet ons weet Hy is in aantog. Volgens Matt. 16:3 kan ons dit nie ontken dat daar geen waarskuwing was nie, want deur die Bybel word ons deeglik voorberei daarop.

Die titel van die boek "Uitsien na Jesus" is spesifiek gekies omdat ons moet uitsien na ons Redder. Dit gaan nie oor die wederkoms, ewige lewe of die jongste dag nie, maar oor die Persoon wat sentraal staan. Die bruid wat haar Bruidegom tegemoet moet gaan. Praktiese en alledaagse vrae word beantwoord. Hoe sal my liggaam lyk? Wat is die hel? Hoe sou ons die nuwe aarde beleef? Bekendes raakloop, lekker stokperdjies beoef, interessante mense uit die vorige eeu ontmoet?

Fantaseer jy ooit daarvoor? Kom daar 'n nuwe aardbol of word die aarde maar net vernuwe? Ons moet met die koms van Christus almal voor die regterstoel verskyn. Maak dit jou angstig, onseker en vol

spanning? Dit sal nie angswekkend en skrikaanjaend wees nie, want ons word vertroos deur Christus wat ons skulde reeds betaal het. Ons is deur sy bloed gereinig. Is die

verskyning voor die regterstoel dan om veroordeel te word? Nee, maar ons word beoordeel. Daar sal ons die loon van God ontvang, loon verdien deur Christus. Kyk na 1 Kor. 15:58. "wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorfloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie." God sal ons deur ons sterwe na die nuwe aarde dra.

Net soos Abraham is ons ook besig met 'n trektoeg. Hy is ons voorvader in geloof en net soos hy is ons op pad na ons "nuwe land". Ons beweeg elke dag nader ons bestemming. Mag ons daarna uitsien en verlang? Verseker! uit geloof, liefde, respek en omdat ons weet dat die ewige lewe ons belowe is. Ons kan uitsien na die ewige lewe, want dan leef ons altyd in die gemeenskap met God.

Moet ons vir sy koms passief wees en maar die tyd afwag of moet ons dit enige oomblik verwag, daarna uitsien en daarmee besig wees?

Ons sou eerder vol verwagting uitkyk na 'n persoon en nie na 'n toestand of gebeurtenis nie. Ons sal daarom uitsien na Jesus, want Hy kom in opdrag van God, dit is dieselfde God wat Hom ook gestuur het om die lewe vir ons te verwerf.

Hierdie boek gaan oor ons geloof en ons eindbestemming wat die paradys hier op aarde is. Ons geluk is dat God alle dinge nuut maak en ons weer heel maak (Openb. 21:5). Alle verdriet en ellende kom tot 'n einde. Die gelowige sal gekroon word met sy heerlijkheid en eer. "Uitzien naar Jezus" is geskryf in 'n styl vir jong volwassenes, maar sal beslis elke persoon aanspreek wat sy/haar toekomsverwagting fokus op Christus ons Verlosser.

*"Uitzien naar Jezus" deur Ds J Wesseling kan bestel word by Folmer-Boekhandel* α



Temas wat in die volgende maande in **KOMPAS** bespreek gaan word:



**Augustus 2005: Afrika ontwikkeling**

**September 2005: Skoolverlating en dan ...?**

# REDAKSIONELE HANDE?

Prof G Kwakkel

## ARTIKEL VAN:

Die boek Hoséa eindig met 'n aansporing aan die adres van die lesers: "Wie wys is, laat hom op hierdie dinge let! Wie verstandig is, laat hom dit erken! Want die weë van die HERE is reg; en die regverdiges sal daarop wandel, maar die oortreders daarop struikel!" (Hoséa 14:10). Het die profeet self hierdie woorde as afsluiting van sy boek geskrywe? Of kon iemand anders dit ook gedoen het? Soos byvoorbeeld die man wat die boek vir publikasie voorberei het?

Die vraag hoe die Bybelboeke ontstaan het, is duidelik herkenbaar. Menige Bybelleser word vroeg of laat daarmee gekonfronteer. In die laaste eeue is daar baie ondersoek gedoen na die ontstaan van die Bybel. Daarby is verskillende metodes ontwikkel. Een van hierdie metodes is die *redaksiekritiek*. Die redaksiekritiek is gerig op die aktiwiteite van die mense wat die laaste hand aan die Bybelboeke gelê het. Hierdie mense word redakteurs genoem. Hulle word onderskei van die outeurs, wat verantwoordelik is vir die eerste, die mees oorspronklike vorm van die tekste.

Kan 'n gereformeerde Bybelverklaarder iets doen met hierdie redaksiekritiek? Is dit korrek om aan redakteurs van Bybelboeke te dink? Dit is die vraag wat sentraal staan in hierdie artikel.

### 'n KYKIE IN DIE GESKIEDENIS

Om goed te verstaan wat redaksiekritiek inhoud, is 'n kort uiteensetting van die Bybelondersoek in die laaste eeue nodig. Duidelikheidshalwe: dit gaan hier om *kritiese* Bybelondersoek. "Krities" beteken in hierdie verband dat dit wat die Bybel self meedeel oor haar eie ontstaan, nie as gesaghebbend of deurslaggewend beskou word nie. Dikwels het hierdie ondersoek dus 'n skrifkritiese karakter.

In die neëntiende eeu het talle Bybelgeleerdes gaan soek na die bronne waaruit die Bybelboeke saamgestel sou wees. So het hulle vier verskillende bronne agter die vyf boeke van Moses bespeur, waarvan die jongste een eers na die ballingskap geskrywe sou wees. Die evangeliste Matthéus en Lukas sou twee bronne in hul boeke verwerk het, naamlik die boek Markus en 'n andersins onbekende bron met allerlei uitsprake van Jesus.

In die eerste helfte van die twintigste eeu was die aandag gerig op die kleinste onderdele waaruit die bronne saamgestel sou wees. Hierdie kleinste onderdele (bv. die lied van Debóra in Rigters 5) is dan afsonderlik onder die loep geneem. As gevolg hiervan was daar min aandag vir die strekking van die geheel

van die Bybelboeke. Hulle was tevrede wanneer die bronne of die kleiner dele afsonderlik van kommentaar voorsien was.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die redaksiekritiek ontstaan, as aanvulling en reaksie op hierdie gang van sake. Die blik was opnuut gerig op die boeke soos wat ons dit nou het. Daarby is vroeë gestel soos: wie was die redakteurs wat die huidige Bybelboeke uit al die verskillende onderdele saamgestel het? Watter deeltjies van die teks het hulle self geskryf om die verskillende onderdele met mekaar te verbind? Watter visie wou hulle na vore bring?

### WAS DAAR REDAKTEURS?

Tot sover iets oor die ontstaan en die bedoeling van die redaksiekritiek. Die eerste vraag wat in hierdie verband gestel moet word, is: vind 'n mens in die Bybel self aanwysings vir sodanige redaksionele aktiwiteite? Was daar – naas die outeurs – redakteurs wat aan die Bybelboeke hul finale vorm gegee het?

Op hierdie vraag kan sonder twyfel geantwoord word: ja, daar kon beslis sulke redakteurs gewees het. Daar is verskeie sake wat hierop dui.

Duidelike spore van redaksionele aktiwiteite kan gevind word in die boek van die Psalms. Byvoorbeeld in Psalm 72:20: "Hier eindig die gebede van Dawid, die seun van Isai." Dit is 'n onderskrif by die eerste twee van die vyf dele waaruit die boek van die Psalms bestaan. In die eerste twee dele (Psalm 1-41 en 42-72) is hoofsaaklik psalms van Dawid versamel. Psalm 72:20 sluit hierdie versameling af. Daarna is daar psalms van Asaf (Psalms 73-83) en ander. Maar daar kom ook weer psalms van Dawid voor (byvoorbeeld Psalm 86 en 101). Aan die einde is daar selfs 'n hele bundeltjie psalms van Dawid, naamlik Psalm 138-145. Daarna volg nog 'n afsluitende versameling lofliedere, wat almal begin en eindig met "Halleluja" (Psalm 146-150).

Die mees voor-die-hand-liggende verklaring hiervoor is dat verskillende redakteurs aan die boek van die Psalms gewerk het. Waarskynlik is hulle verantwoordelik vir die opskrifte bo verskeie van die psalms. Soos by Psalm 3: "'n Psalm van Dawid toe hy gevlug het vir sy seun Absalom." Natuurlik kon Dawid dit self bo sy psalm geskryf het. Maar dit is baie aanneemliker dat die mense wat die psalms gebundel het, dit daarbo geplaas het en nie Dawid self nie. So is dit ook bes moontlik dat 'n redakteur die eerste 72 psalms afgesluit het met die woorde: "Hier eindig die gebede van Dawid, die seun van Isai." Later het ander redakteurs weer ander bundeltjies met psalms daaraan toegevoeg.

Iets dergeliks kan gesê word oor die opskrifte bo die boeke van die profete. Natuurlik kon Joël self bo sy boek geskryf het: "Die woord van die HERE wat tot



Joël, die seun van Pétuel, gekom het.” Maar dit kon net so wel iemand anders gewees het, iemand wat die profesieë van Joël versamel en op skrif gestel het (soos Barug in die geval van Jeremia; kyk Jeremia 36:4,32).

### **DIE GEES HET DIE HELE PROSES GELEI**

Die Bybel is die geïnspireerde Woord van God. Die Heilige Gees het die Bybelskrywers gelei toe hulle hul werk verrig het. Hy het ook die mense wat die psalms van Dawid en ander byeengebring het in die boek van die Psalms, gelei. Solank 'n mens daaraan vashou, is die gedagte aan redakteurs korrek. Beslissend is die feit dat 'n mens van die Bybelboeke soos wat ons dit tans het, sê: “so het ons dit van God ontvang; in hierdie vorm aanvaar ons dit as die betroubare en gesaghebbende teboekstelling van sy openbaring.”

Meer hinderlik is die volgende kwessie. Baie Bybelgeleerdes neem aan dat die redakteurs allerlei verduidelikende of ander opmerkings in die teks ingevoeg het. Het hulle dalk die oorspronklike outeurs dinge in die mond gelê wat hulle self nie gesê het nie? Is dit 'n aanvaarbare gedagte?

Deesdae sal so-iets beskou word as 'n skending van die outeursreg. Dit is egter die vraag of dit in die tyd van die ontstaan van die Bybel so gesien is. 'n Voorbeeld ter verduideliking. In die Ou Testament bemark 'n mens skaars iets van 'n ontwikkeling van die Hebreeuse taal. Met uitsondering van 'n paar boeke is die taal eenvormig. Dit terwyl die taal tog in die loop van die eeue moes verander het. Blykbaar het hulle die vryheid geneem om dit wat Moses geskryf het, oor te sit in die Hebreeus van 'n later tyd. So-iets mag deesdae nie sommer meer gedoen word nie. En as dit gedoen word, moet in elk geval daarby vermeld word: “taalkundig vernuwe deur ...” In die tyd van die Ou Testament was dit blykbaar nie verplig nie.

Dit is ook te verstaan. Dit was nie die belangrikste dat latere geslagte presies dieselfde letters as Moses voor hulle sou hê nie. Die belangrikste was dat dit wat Moses in opdrag van God gesê het, op so 'n manier oorgelewer word dat ook latere geslagte presies sou begryp wat die bedoeling daarvan was.

In daardie lig kan die gedagte aan latere toevoegings nie by voorbaat uitgesluit word nie. Met name kan gedink word aan verklarende opmerkings wat begin met “dit is ...” Dergelike opmerkings word op verskeie plekke aangetref (bv. 1 Konings 6:38; 8:2). Of die oorspronklike outeur van 'n Bybelgedeelte of 'n latere redakteur dit neergeskryf het, is nie van soveel belang nie. As dit 'n latere redakteur was, het hy dit hoogs waarskynlik gedoen vanuit die oortuiging dat die oorspronklike outeur dit self ook sou neergeskryf het as hy in 'n later tyd sou geleef het! Ons sou in so 'n geval gebruik maak het van 'n voetnoot of hakies.



Vroeër het hulle nie oor sodanige middele beskik nie. As 'n mens hierdie soort dinge in oorweging neem, word die Bybel hierdeur nie minder betroubaar of verstaanbaar nie. Beslissend is dat dat 'n mens God agter die hele Bybel, insluitende eventuele verduidelikende opmerkings, raaksien.

### **DIE NUT VAN REDAKSIEKRITIEK**

Dit is korrek om te dink aan betrokkenheid van redakteurs by die ontstaan van die Bybelboeke. Dit is dan ook nie verkeerd om ondersoek in te stel na hul aktiwiteite nie. Alles mag ondersoek word, mits dit gepaard gaan met eerbiedige aanvaarding van wat God self aan ons in sy Woord wil sê, ook oor die ontstaan van die geskrifte van die Ou en Nuwe Testament. Ongelukkig word die meeste werk wat binne die redaksiekritiek verrig word, nie vanuit hierdie houding gedoen nie. Is dit dan vir 'n gereformeerde Bybelverklaarder van enige nut om hom daarin te verdiep?

As gereformeerde Bybelverklaarder stel hy belang in alles wat hy oor die ontstaan van die tekste te wete kan kom, aldus Kwakkel. Maar uiteindelik gaan dit nie vir hom daaroor nie. Hy wil steeds beter verstaan wat God self deur sy eeue-ou Woord wil sê. En juis daarom wil hy ook graag weet wat die eie boodskap van die verskillende Bybelboeke binne die geheel van die Skrif is.

Op daardie punt kan redaksiekritiese ondersoek soms help. Dit is moontlik dat daar baie kritiek op hierdie benadering sal wees. Tegelykertyd is dit egter goed dat die aandag weer gevestig word op die teks soos wat ons dit voor ons het. Dit is 'n stap vorentoe ná die eensydige gerigtheid op die afsonderlike onderdele.

Konfrontasie met redaksiekritiese ondersoek kan lei tot 'n beter insig in die bedoeling van 'n Bybelboek. Dit kan 'n mens stimuleer om na te dink oor die vraag wat Matthéus en Markus elk met hul eie beskrywing van die evangelie beoog het. Redaksiekritiek dwing 'n mens om die vraag te stel wat dit beteken dat die boek van die Psalms met loutere lofliedere eindig. Sodoende dring dit tot 'n mens deur watter boodskap daar uitgaan van die einde van hierdie boek. Dit is naamlik dat al ons gebede en klagtes uiteindelik moet uitloop op die lof van God. ☩

# KONTAK MET ONS KANADESE SUSTERKERKE

## - Onderhoud met Prof C van Dam van Hamilton, Kanada

J Moes

### ONDERHOUD

**Dr C van Dam, Professor in Ou Testament aan die Theological College van die Canadian Reformed Churches (CanRC) te Hamilton, Kanada, het onlangs saam met sy vrou 'n besoek gebring aan Suid-Afrika. Ons het met hom gaan gesels oor die rede vir sy besoek, sy bevindings, die Bybel, teologiese opleiding en die susterkerk verhouding tussen die VGKSA en die CanRC.**

#### ***Gee vir ons 'n kort oorsig van u lewens- en ampsverloop.***

Ek is gebore in 1946 in Zwijndrecht, langs die Oude Maas rivier, oorkant Dordrecht, in Nederland. Saam met my ouers het ek in 1952 na Kanada geëmigreer. Na my skoolloopbaan gaan studeer ek aan die Waterloo Lutheran University, waar ek 'n BA-graad in "Studies van die Nabye Ooste" verwerf het. My belangstelling vir die Ou Testament het hier gegroei en dit het my voorneme versterk om predikant te wil word. In September 1968 het ek begin met my teologiese studie aan die Westminster Seminary in Philadelphia, USA.

In dieselfde maand het die sinode van Orangeville van die CanRC besluit om met 'n eie teologiese opleiding in Hamilton te begin, omdat hulle dit gesien het as 'n verantwoordelikheid van die kerke. Gevolglik het ek in September 1969 my teologiese studie voortgesit in Hamilton. Hier het ek in 1971 met B.Div-grad afgestudeer, is ek met Joanne Buist getroud, en het ons 'n beroep aangeneem na die kerk van Neerlandia, Alberta. Hierdie was die enigste kerk in die CanRC wat nie deur vrygemaakte emigrante begin is nie, maar wat ontstaan het deur 'n Kanadese "vrymaking". In 1974 volg 'n beroep na Brampton, Ontario. Daar het ek begin met 'n studie aan die Universiteit van Toronto vir 'n M.Th-grad in die Ou Testament. In 1979 volg 'n beroep na Surrey, British Columbia en hier het ek begin met my Th.D studie aan die Theologiese Universiteit te Kampen, Nederland, onder leiding van Prof HJ Schilder.

Toe Prof HM Ohmann van Hamilton in 1980 benoem word as opvolger van Prof Schilder in Kampen, word ek deur die sinode van Smithville benoem as professor in die Ou Testament te Hamilton, waar ek in 1981 begin. In 1986 voltooi ek my Ph.D studie te Kampen met 'n proefskrif oor die "Urim en die Tummim", wat verbind word met die borstas van beslissing wat die hoëpriesters gedra het. Een van my stellings in die proefskrif was teen die gebruik van die lot in die aanwys van ampsdraers in ons tyd. In die Nuwe Testament is daar na Pinkster geen ampsdraer meer verkies deur die lot.

#### ***Gee vir ons 'n kort oorsig van die werk aan die Theological College (TC).***

Daar is op die oomblik vier voltydse dosente aan die College: Prof GH Visscher in Nuwe Testament, Prof NH Gootjes in Dogmatiek, Prof AJ de Visser in Diakoniologie en Ecclesiologie (die pastorale vakke) en ek self in Ou Testament. Verder is Ds J de Gelder dosent in Kerkreg en is daar 'n professionele bibliotekaris, Me M van der Velde, en 'n administratiewe hulp, Me C Mechelse. Daar is ook 'n na-gradse opleiding in sendingwetenskappe (deur Prof de Visser), terwyl daar ook 'n twee-jaar diploma kursus aangebied word.

In die 2005 akademiese jaar was daar 17 studente, wat van oor die hele wêreld kom (o.a. uit Kanada, Korea, Australië, China, Soedan, Rusland en Suid-Afrika). My vrou Joanne is presidente van die Women Savings Action, wat geld insamel vir die biblioteek (vorige jaar, met die 35-jarige bestaan van die Kollege, is Can\$ 35 000 ingesamel) en vir spesiale projekte (o.a. is ongeveer een-derde van die koste van die aankoop van 'n nuwe Kollege gebou deur hulle bygedra). Die bydrae van die CanRC aan die College is Can\$ 65 per belydende lidmaat per jaar.

#### ***Gee vir ons 'n oorsig van die huidige toestand van die CanRC en van hulle kerklike verhoudings.***

Die verband van die CanRC bestaan uit 53 kerke, met saam ongeveer 16 000 lidmate. Van die 53 kerke is vier in die VSA (o.a. in Grand Rapids en Denver). Soos maar in enige land en enige tyd is daar 'n voortdurende stryd om die ware geloof te behou. Gelukkig is die jeug baie aktief, is daar 'n goeie onderlinge band en is daar goeie ondersteuning vir evangelisasie. In Hamilton lei evangelis Richard Bultje die "street light ministries", 'n evangelisasie aksie onder mense wat saans in die binnestad bly. Hulle reël ook somerkampe (sewe maal een week) vir



hierdie jeug, saam met CanRC jeug. Hieraan neem ook Prof en Mev AJ de Visser aktief deel. Daar is ongeveer 300 jongmense op die kampe, met ongeveer 25-30% buitekerklikes en met een ouer CanRC lidmaat vir elke 2 of 3 jongeres. Dit is intensiewe werk.

In Vancouver, BC, word sendingwerk gedoen onder die plaaslike Chinese inwoners, onder leiding van Ds Frank Dong, wat ook in Hamilton afgestudeer het. Verder is daar sendingwerk onder die Indiane naby Smithers, British Columbia, wat tot onlangs nog gedoen is deur Ds Wes Bredenhof. Die laaste is maar moeisame werk met min sigbare vordering.

Baie werk word gedoen vir die gereformeerde onderwys van verbondskinders. Byna elke gemeente het 'n eie gereformeerde laerskool en daar is twee gereformeerde hoërskole in die land (een in die ooste en een in die weste). Daar is ook 'n gereformeerde onderwysersopleiding in Hamilton.

Behalwe met die gereformeerde kerke in Nederland, Suid-Afrika, Australië, Skotland en Korea, het die CanRC 'n susterkerk verhouding met die Orthodox Presbyterian Church (OPC) van die VSA en met die Reformed Church of the United States (RCUS). Die CanRC is ook in gesprek met die United Reformed Churches (URC) om saam een kerkverband te vorm, maar daar moet nog oor 'n aantal sake deurgepraat word (o.a. die teologiese opleiding). Die URC het 'n aantal jare gelede weggebreek van die Christian Reformed Church (CRC) vanweë liberale ontwikkelings in die CRC (o.a. vroulike ampsdraers). Verder is daar nog kerklike kontakte met 'n Franssprekende gereformeerde kerk in Quebec en met die (bevindelike) Free Reformed Churches.

### ***Hoekom is u in Suid-Afrika?***

Die Deputate vir Teologiese Opleiding (TO) van die VGKSA het my genooi om saam na te dink en advies te gee oor die toekoms van teologiese opleiding binne die VGKSA, vir bespreking op die onlangse sinode van Pretoria. Die onlangse sinode van die CanRC van Chatham het besluit om die VGKSA daadwerklik hiermee te help en het my koms na Suid-Afrika ondersteun. Die teologiese opleiding is inderdaad intensief op die afgelope sinode van die VGKSA bespreek.

Terwyl ek hier is het die dosente van die TO vir my gevra om vir een week lesings in OT te gee vir die drie studente van Belhar. Dit was 'n interessante ondervinding, veral aangesien die studente en die omstandighede in Belhar nogal verskil van dié in Hamilton.

### ***Wat is u indrukke van die afgelope sinode van die VGKSA?***

Ek het die sinode as baie positief ervaar. Daar was 'n opmerklik goeie en broederlike atmosfeer en gespreksvoering op die sinode. Ook die verhouding met die afgevaardigdes van die GKSA was eerlik en oop. Dit

was 'n veelkleurige, multikulturele sinode, terwyl die verrigtinge vir almal in 'n "vreemde" taal (Engels) plaasgevind het. Hier word die werk van die Heilige Gees sigbaar. Sending in Suid-Afrika gebeur op die "voorstoop" van die bestaande kerke en die seën op die sendingwerk is duidelik sigbaar. In die sendingwerk van die CanRC onder die Indiane in BC is daar na 20 jaar van sendingwerk slegs een bekeerling. Die ooreenkoms met die CanRC is dat daar dieselfde strewes is om gereformeerd te wil bly: getrou aan die Skrif en die gereformeerde belydenis.

### ***U is professor in die Ou Testament (OT). Wat boei u hierin?***

Die OT bly aktueel, terwyl dit ook ¾ van die Bybel uitmaak. Mens kan nie die Nuwe Testament sonder die OT verstaan nie. Die OT vorm die basis van die Nuwe-Testamentiese openbaring van ons Here Jesus Christus. In die OT sien jy duidelik die ontwikkelingsgang van die heilsgeskiedenis, vanaf die vroegste begin, waarin jy die God van die verbond en die mens leer ken. Die uitdaging by die studie van die OT is om reg te doen aan die Skrif as God se openbaring aan die gelowige, ook vandag. Dit verg intensiewe studie om die OT goed te verstaan.

Ondanks kritiek op die historisiteit van die OT, word Bybelse feite steeds meer bevestig deur argeologiese vondste. Die onderskeid tussen byvoorbeeld prosa en geskiedenis in die OT kan afgelei word uit die konteks, maar ook prosa kan betrekking hê op historiese feite (bv. Psalm 105). Die skeppingsverhaal in Genesis is geen "voorgeskiedenis" nie, maar is geopenbaarde heilsfeite. Die skepping in ses dae word bevestig deur die hele Skrif.

In die werk met studente moet steeds die positiewe boodskap van die Bybelteks benadruk word. Gereformeerde teologie moet hom nie in 'n reaksiehoek laat druk deur moderne teoloë nie.

### ***U lei teologiese studente op as predikante in 'n toenemend sekulariserende wêreld. Hoe bly die OT hierin relevant?***

Die Bybelse boodskap self is relevant. Jeremia sê dat die Woord van God selfs die hardste klip stukkend kap (Jer. 23:29). Dit geld ook nog vir die 21ste eeu. Prof Cornelis van Til van die Westminster Seminary het vir sy studente gesê: slaan die mense met God se Woord soos met 'n voorhamer en nie soos met "noodles" nie.

Ons huidige samelewing het die openbaring van God, as Skepper en Verlosser, nodig. Daarsonder kan ons nie werklik die redding deur Jesus Christus verstaan nie. Art. 25 van die NGB sê dat ons die getuienis van die wet en die profete moet gebruik, sowel om die evangelie te bevestig as om ons eie lewe in te rig volgens God se wil en tot sy eer.



## **Hoe sien u die noodsaak en toekoms van die eie teologiese opleiding van die VGKSA? Hoe sou die samewerking met Hamilton verder kan ontwikkel?**

Die beginsel van teologiese opleiding "vir die kerke, deur die kerke" is goed. Maar dit moet afgewees word teen die praktiese moontlikhede en ander prioriteite binne die kerkverband. In hierdie lig lyk dit nie of daar momenteel genoeg regverdiging bestaan vir 'n volkskaalse gesentraliseerde teologiese opleiding binne die VGKSA nie. Studente wat goed sou inpas in die Kanadese kultuur sou in Hamilton kan studeer. Hulle sou hulle studie daarna in SA kan afrond onder leiding van 'n plaaslike predikant as mentor. Studente vir wie 'n studie in die buiteland meer kultureel ontwrigtend sou wees, sou gebruik kan maak van plaaslike teologiese opleidingsinstitute. Dit bly egter wel 'n noodoplossing, met nadele t.o.v. verskil in gehalte van gereformeerde van hierdie opleidings. Na my mening het Kuratore 'n ewewigtige verslag aan die sinode voorgelê.

## **Het u nog 'n boodskap vir die gereformeerde broers en susters in Suid-Afrika?**

Ek is bly met die geleentheid wat ek en my vrou gehad het om kennis te maak met Suid-Afrika en met die VGKSA, sowel met verskeie kerke as met die sendinggebiede. Dit was goed om die geleentheid en seën van God vir sending en evangelisasiewerk te kon sien. Met al die spannings wat daar is in die ontwikkelende samelewing in SA is die gebed van die kerke hier van uiterste belang, asook dat die evangelie sy inslag mag vind en mag deurwerk in die breë SA samelewing. As klein kerkverband kan ons moed hou en staat maak op die sorg van ons hemelse Vader vir sy kerk en vir sy leiding van alles wat in die wêreld gebeur. Onder God se sorg is ons toekoms seker, sowel in Kanada as in SA. Die volgende sinode van die CanRC is in 2007 in Smithers, BC, en 'n afgevaardigde van die VGKSA sou daar baie welkom wees. ☩

---

# **GALASIËRS - GELOOF VIR DIE HEIDENE**

Ds E Viljoen

## **VENSTER OP DIE BYBEL**

**Paulus se briewe word altemaklik gelees asof dit 'n klein Gereformeerde dogmatiek is. Ons persoonlike vrae oor die regverdiging deur die geloof speel dikwels 'n belangriker rol in ons lees van die briewe as die oorspronklike vraagstukke wat die apostel deur sy brief wou aanspreek. Gelukkig is daar steeds 'n groeiende besef dat die briewe gelees moet word in die lig van die eie unieke situasie wat elke brief wil aanspreek. Sensitieweit vir die vraag na die oorspronklike bedoeling van die skrywer, lewer 'n ryk opbrengs vir elkeen wat vandag nog mag saamlees oor die skouers van die gelowiges van die eerste eeu na Christus. Só hoor ons heel duidelik wat die Gees aan die gemeentes wil sê.**

### **CHRISTUS ONDER DIE HEIDENE VERKONDIG**

Ons dink nie meer vandag aan onself as ons die woord "heiden" hoor nie. Dit is tog 'n ongelowige. Ja, maar in die tyd waarin die apostel Paulus sy briewe skryf, is 'n heiden in Paulus se woordeskaf in die eerste plek iemand wat 'n



Paulus

nie-Jood is. Die brief aan die Galasiërs handel oor die evangelie wat ook aan die heidene verkondig word. Aan die nie-Jode. Die bevrydende evangelie word verkondig dat die Here God Hom ontferm het oor al die volkere. Mense uit daardie volke hoef nie eers besny te word en op hierdie manier deel word van die Joodse volk, om kind van God te wees nie.

Dit alles mag vir ons vandag so vanselfsprekend klink, maar vir Jode uit die eerste eeu nie! Trouens, Paulus skryf sy brief aan die Galasiërs met 'n skerp vermanende

toonsetting. Daar was immers sommige onder hulle wat die besnydenis tog weer as voorwaarde wou voorhou tot volle burgerskap van die volk van God. Nie die geringste wat oor hierdie saak in die praktyk afgewyk het van die vryheid van die evangelie nie, was Petrus. Ja, die apostel! Paulus herinner nog aan die teëstand wat hy gebied het teen Petrus in Antiochië (Gal. 2:11 e.v.).

### **DEUR GEEN MENS UITGEDINK NIE**

Trouens, Paulus vind dit nodig om dit so sterk te beklemtoon, dat hy sy evangelie moet verdedig as nie deur 'n mens uitgedink nie (Gal. 1:11). Hy het dit nie van 'n mens ontvang of geleer nie. Hy het dit regstreeks van Jesus Christus ontvang deur 'n openbaring. Vir Paulus was dit geen natuurlike saak dat hy die evangelie so onvoorwaardelik aan die heidene sou verkondig nie. Hy het eers ander oortuigings gehuldig. Almal weet van sy openbare lewe en optrede om alles in sy mag te doen om die Joodse karakter van die geloof te verdedig (Gal. 1:13). Hy was 'n yweraar vir die oorlewerings



*Paulus en die heidene*

van sy stamvaders. Sy Joodsheid was vir hom alles. Dit was juis die rede waarom hy die Christelike gemeente met soveel ywer vervolg het.

Onder die Jode was hy 'n vooraanstaande. In sy tyd was hy 'n uitstaande karakter onder die Jode ter verdediging van die uniekheid van die Jode as volk van God. Dit het alles verander. God wou hê dit moes verander. God self het hierdie yweraar vir die Jode verander in iemand wat die ontferming van God vir die heidene verkondig. Daarvoor was 'n openbaring deur Jesus Christus nodig. Hy vertel hoe hy ná hierdie openbaring nie eers na Jerusalem gegaan het nie (Gal. 1:17 e.v.). Hy het nie eers konsultasies met die ander apostels gehad nie. Geen mens het vir hom tot sy nuwe taak gebring nie. Eers drie jaar later het hy vir Petrus in Jerusalem ontmoet.

Petrus het self 'n soortgelyke openbaring gehad. U weet nog van die doek met rein en onrein diere wat Petrus in sy visioen gesien het. Petrus moes ook tot die oortuiging kom dat God mense wil inlyf by sy Seun sonder dít wat vroeër onderskeid gemaak het tussen rein en onrein, Jood en heiden. Maar Paulus het dit nie van Petrus ontvang nie. Paulus het dadelik na Arabië vertrek. Die evangelie dat God die volkere sonder voorwaardes wou laat deel in Jesus Christus, moes uitgedra word. Nie eers 'n besnydenis en nie eers deel van die

Jode word nie. In die brief aan die Galasiërs gaan dit oor hierdie evangelie wat onder skerp aanval gestaan het.

### **MY EVANGELIE**

Paulus wil met alle mag en mening in hierdie brief duidelik maak dat daar maar net een evangelie is. Daar is géén ander nie (Gal. 1:7 e.v.). Sy verwondering is juis so groot dat die Galasiërs so maklik in die war gebring is deur 'n ander evangelie. Hy spreek selfs die goddelike vloek uit oor elkeen wat 'n ander evangelie verkondig as die een waardeur God hulle deur die genade van Christus geroep het (Gal. 1:6, 8-9). Daar is net die een evangelie van Christus.

Opmerklik genoeg praat Paulus gereeld oor "sy evangelie". Dit laat 'n mens wonder of Paulus dan sy eie evangelie gehad het. Tog is dit duidelik dat Paulus se evangelie niks anders is as dié evangelie nie. Hy praat van die evangelie wat hy onder die Jode verkondig het (Gal. 2:2). Sonder dat Paulus daarmee wil aandui dat hy nog 'n ander evangelie naas die evangelie van Christus het en verkondig, wil hy wel sy evangelie van ander onderskei. In Galasiërs 2:7 vertel Paulus hoe aan hom "*die evangelie vir die onbesnedenes toevertrou is*". Dit is geen ander evangelie nie, maar wel die besondere openbaring dat mense uit die heidendom ook erfename van die ryk van God word. Sy evangelie is daarom geen eie

evangelie naas die evangelie van Christus nie. Hierdie evangelie is wel sterk persoonlik aan hom toevertrou.

### **JODE EN HEIDENE EEN**

Beteken dit dat Paulus dan 'n eie evangelie vir die heidene gehad het naas die evangelie vir die Jode? Dit is juis waarteen Paulus so vurig stry in die brief aan die Galasiërs. Vanuit sý evangelie is dit duidelik dat gelowiges wat aan Christus deelgeky het vanuit die Jodendom en hulle wat deel het aan Christus deur die geloof uit die Jodendom, een moet wees. Gelowiges uit die heidendom word nie uitgesluit van die volk van God nie. Hulle het die volle vryheid om deel van die volk van Abraham te wees. Hierdie vryheid word onder die Galasiërs bedreig.

Vir Paulus is daar net een evangelie. Die evangelie is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo: "Eerste vir die Jood en ook vir die Griek" (Rom. 1:16-17). Nêrens is daar 'n onderskeid tussen 'n evangelie vir die besnedenes en 'n evangelie vir die onbesnedenes nie. Paulus se evangelie, wat tegelyk die evangelie van God deur die genade van Christus is, eis van geen heiden om besny te word nie. Tegelyk vra dit ook van geen Jood om met 'n stryd teen die besnydenis te begin nie.

God maak uit Jode en heidene een volk vir Hom bymekaar. Geen gemeente van besnedenes in onderskeiding van 'n gemeente vir onbesnedenes nie! Paulus se evangelie wil gemeenskap bring vir gelowiges uit die heidendom en Jodendom met God. Maar ook (en daarvoor gaan dit in Galasiërs!) gemeenskap tussen hierdie gelowiges met mekaar. Wanneer hierdie fundamentele eenheid in Christus ontken word, kom die vryheid in Christus in gedrang.

Selfs die apostel Petrus moet deurloop onder die vurige ywer van Paulus vir "sy evangelie" wat gemeenskap bring tussen alle gelowiges in en deur Jesus Christus alleen. Paulus staan Petrus openlik teë wanneer Petrus

# SONDAG – DAG VAN DIE HERE, HEERLIKE DAG

Dr. JA Breytnbach

## SAMELEWING

Hiermee bied ons u 'n samevatting van en besinning oor 'n artikel in De Reformatie (K de Vries, jg 80, nr 15, 15 Januarie 2005) van die Deputaatskap "Vierde gebod en Zondag" van die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt) se rapport: Zondag: HEERlijke dag.

### AKTUALITEIT

In die Nederlandse samelewing het, soos in Suid-Afrika, die Sondag 'n geweldige verandering ondergaan deurdat die siening van arbeid op Sondag verander het. Wetgewing is vervang of vernuwe. Vroeër het gegeld dat slegs met vergunning van die owerheid op Sondag gewerk mag word. Maar nou mag werk-gewer en werknemer hiervan afwyk as die aard van die werk of die ekonomiese omstandighede dit vereis. Winkelye is meer buigbaar sodat dit by geleentheid op Sondag

oop mag wees. Dit word 'n saak van individuele en kollektiewe be-dinging. Die individuele werknemer mag Sondagarbeid weier as hy dit betyds te kenne gee.

In die opsig gaan dit in Nederland nog beter as in ons eie land. Tog kom Sondagswerk as gevolg van tegnologie, internasionalisering en ekonomiese belang toenemend in Nederland voor. Die onderskeiding van noodsaaklike en barmhartigheids-werk is al hoe moeiliker om te handhaaf. Die praktiese toepassing van die vierde gebod is dikwels nie voor-die-hand-iggend nie. Met hierdie artikel word twee dele uit die rapport aan die algemene sinode en aan die kerke saam as hulpmiddel gegee: "onderwijs en getuigenis" en 'n "praktiese handreiking". Die relevansie hiervan vir ons eie situasie is duidelik.

### CHRISTUS DIE HEER OOR DIE SABBAT

Die vierde gebod geld ewe veel vir die Ou as die Nuwe Testament. Die nuwe testamentiese gemeente "vertaal" die tien gebooe wel in die "taalkleed" van die nuwe verbond. En die Here Jesus noem Homself die Heer oor die sabbat, maar Hy spreek Homself nie uit oor die rusdag of die rusgebod in die Nuwe Testament nie.

Vanuit Christus se persoon en werk word die vierde gebod deur ons uitgelê ten opsigte van die liefde wat gestalte kry in die genieting van die rus wat Hy aan sy volk skenk, op grond van sy verlossingswerk wat Hy voldoen het. Deur rus op die eerste dag van die week versterk ons ons geloof in die naam van Jesus Christus. Ten opsigte van die naaste blyk ons liefde daarin dat ons rus gun aan almal wat aan ons sorg toevertrou is en dat ons as gemeente saamkom om in die geloof en liefde onderwys en opgebou te word.

Waarom dan op die sewende dag en nie op die eerste dag rus nie? Omdat die nuwe in Christus gekom het. Die nuwe is in die opstanding van Christus die Middelaar van die Nuwe Verbond wat deur sy bloed die sonde en dood deurbreek het. Christus het die sabbat vervul. Hy wat die sabbat vervul het, het opgestaan uit die dood op die eerste dag van die week.

Verby is dus die sewende dag met sy tydsindeling en feeskalender, die karakter van oortreding en doodstraf, die naam van en binding aan die sabbat. Nuut en blywend van die vierde gebod is die instandhouding van die herdenking en viering van die spesiale dag van Christus se opstanding in die samekoms van die gemeente en daarmee saam die vernuwning na die beeld van Christus en in die

### (vervolg vanaf bls16)

hom eenkant hou van die gelowiges uit die heidendom in Antiochië toe daar gelowiges uit die Jodendom vanuit Jerusalem daar opgedaag het (Gal. 2:11–15).

### DIE SEËN VAN ABRAHAM

Paulus se evangelie wil die seën van Abraham aan al die nasies bring. Daarvan getuig die Skrif (Ou Testament!) duidelik genoeg. Die Skrif, skryf Paulus, het vooruit gesien dat God die heidene uit die geloof wil regverdig (Gal. 3:8). Die evangelie is aan Abraham verkondig dat hy tot seën vir al die nasies sou wees. Elkeen wat uit die geloof is, word saam met die gelowige Abraham geseën. Voorop staan dus nie dat Abraham besny is nie, maar die geloof van die vader van ons almal wat glo (Gal. 3:9-10).

Die "wet" was iets wat die gelowiges uit die heidendom nie geken het nie. Christus het hulle vrygekoop van die vloek van die wet (Gal. 3:13). Die seën van

Abraham kom nie na die heidene via die wet nie. God wil juis dat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus alleen. Die belofte van die Gees moet deur die geloof alleen ontvang word (Gal. 3:14).

Julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus. Almal wat in Christus gedoop is, is bekleed met Christus. Daar is dan nie meer Jood of heiden nie, geen slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; almal is een in Christus (Gal. 3:26–28). As ons aan Christus behoort, dan is ons die nageslag van Abraham en volgens God se belofte erfgename van alles wat aan Abraham beloof is (Gal. 3:29).

In hierdie vryheid wil die brief aan die Galasiërs ons laat staan. Hierdie vryheid mag niemand ons ontnem nie. ☩



navolging van Hom. Voorts die heiliging van die Sondag en wel daarin dat een dag opsy gesit word vir die saamkom en viering van die rus in Christus. Daarby kom ook om die rus van eie werk deur God se genade te geniet, in skepping en versorging sowel as in verlossing en heiliging: by Christus word waarlik rus gevind (Matt. 11:28-29), die gemeente moet deur God se Woord opgebou word om sy rus binne te gaan (Heb. 4). Die werkweek moet gestempel word deur die viering van die heil, die onderwys van die Skrif en die gebede. Die nuwe vryheid word beleef in 'n lewe na God se bedoeling, waarby God se hele volk in een gemeente saamkom – die gemeente gee aan die vryheid en diensbaarheid vorm in die samekomst.

### **IN DIE KERKGESKIEDENIS**

Uit die Skrifgegewens en die vroeë kerkgeskiedenis word dit duidelik dat die kerk geleidelik vir die Sondag in plaas van die sabbatdag gekies het. Dit is nie duidelik of die apostels die viering van die Sondag onderwys het nie. In die eerste twee eeue is beide die Sondag en die sabbat gevier. Die wetgewing van keiser Konstantyn in 321 om die Sondag 'n vrye dag in die Romeinse ryk te maak, was 'n belangrike ontwikkeling. Dit het egter nie op 'n teologiese uitleg of toepassing van die sabbatsgebod berus nie. Augustinus het wel die tien gebooe as norm vir die Christelike lewe deurdink, maar lê dan die sabbatsgebod vergeestelik uit. Die rus van die daaglikse werk het nie aandag gekry nie, maar die rus van die sondige werke. Thomas van Aquino in die Middeleeue wys wel op die morele aspekte van die vierde gebod en die plig tot Sondagsrus.

Calvyn het die Sondag nie sonder meer op die vierde gebod baseer nie. Die Sondag is nie 'n verplaaste sabbat nie. Die vierde gebod is vir hom seremonieel van aard, 'n uiterlike teken wat in Christus vervul is. God se rus na die skepping is wel 'n voorbeeld vir ons maar geen



skeppingsinstelling nie. Wel moet daar een dag wees vir diens aan God.

Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus veronderstel deur die gebruik van die ou testamentiese naam "sabbat" en die toevoeging "rusdag" die rus van die daaglikse werk soos dit in die Christelike samelewing vanaf Konstantyn gebruiklik was. Terselfdertyd is die inhoud van die rusdag nie die rus van die daaglikse werk nie, maar die ruimte om met God se gemeente saam te kom.

Die tweede Helvetiese Konfessie (Heinrich Bullinger) bely dat die Sondag deur die kerk gekies is as dag van samekomst en rus. Die uitgangspunt word nie in die vierde gebod gevind nie.

Die Dordtse sinode van 1618-1619 het ses reëls opgestel wat onderskei tussen seremonieële en morele aspekte van die wet – die eerste sou verbygaan en die tweede geldig bly. Vanuit Christus gesien is die onderskeiding nie te handhaaf nie. Dit is die swakte van die reëls: oor die Sondag word daar nie gespreek as dag van Christus se opstanding nie. Daar sou ook afgelei kan word dat die keuse van die Sondag willekeurig is. In die sewentiende eeu het daar 'n groot stryd ontstaan

oor die teologiese fundering van die Sondag as rusdag.

Die Westminster Konfessie bely dat God ooreenkomstig die natuurwet een dag uit sewe as besondere sabbat aangewys het. Dit geld vir alle mense gedurende alle eeue. Die dag van die Heer (opstanding) moet as Christelike sabbat onderhou word. Sondagsetiek is deur die Puriteine in Engeland op die sabbatsheiliging betrek.

### **DIE VIERDE GEBOD EN DIE RUS VAN DIE DAAGLIKSE WERK**

Vandag is die wetgewing losgemaak van die gebooe van God. Die Sondag is vir baie nog 'n dag vry van hulle daaglikse werk, maar nie die dag van die Here wat deur die owerheid beskerm word nie. In die ekonomiese lewe word daar ook al hoe meer druk op die Sondag as handels- en werkdag geplaas.

In die Ou Verbond was die sabbat en die sabbatsjaar op 'n besondere wyse verbind aan die lewe in die beloofde land. Maar na Pinkster gaan die evangelie oor grense. God se volk leef in samelewings wat nie deur die evangelie gestempel is nie. Die Nuwe Testament lê ook nie 'n direkte verband tussen die viering van die eerste dag van die week, die vierde gebod en die rus van die daaglikse werk nie. Uit die karige dokumentasie wil dit voor-

kom of die gemeente in die eerste drie eeue dikwels in die oggend en aand, voor en na die werksdag, samekomste gehad het.

Die spits van die vierde gebod is vir die Christelike gemeente nie in die rus van die daaglikse werk as sodanig nie, maar die rus in die Skepper en Verlosser, die diens aan en liefde tot God en die gemeenskap van die gelowiges in Christus. Hieraan word reg gedoen wanneer die (kerklike) lewe so georden word dat daar op Sondag die maksimum ruimte en tyd is vir die samekomste en rus en vryheid van die daaglikse werk en bedrywigheid.

Omdat die owerheid die aspek van rus op Sondag nie meer in wetgewing reël nie, behoort die gemeente haar nog meer in te span om hierdie ruimte te maak. In die lig van hierdie inspanning is die "onderwijs en getuigenis" en die "praktiese handreiking" van die deputate 'n pragtige hulpmiddel aan die kerke. Die verkondiging van die evangelie behoort sentraal te staan. Christus nooit self die vermoedtes om by Hom, die Heer van die sabbat, tot rus te kom en so te rus van daaglikse arbeid.

Die Sondag en 'n styl van Sondagsheiliging is nodig om volk van God te wees en te beleef, om die sabbat van die Here te gedenk en te geniet, om in die eenheid in Christus gemeenskaplik gevorm te word, om nuwe mense te word. Vanuit die gemeente moet die evangelie ook na die owerheid en die samelewing uitgedra word, want al word dit verwerp strek God se verlossing oor die wêreld uit.

### **ONDERWYS EN GETUIENIS**

Die deputate gee 'n samevatting onder die opskrif: "Zondag, Heerlike dag", as onderwysing en getuigenis – hulle vergelyk dit met die onderwysing in die liturgiese formuliere in struktuur en opset, al is dit nie vir die doel geskrywe nie.

Die uiteensetting is soos volg ingedeel:

### **1. Christus, Heer ook van die sabbat**

Christus is Heer van die sabbat, Matt. 12:8. In Hom is die vervulling van die Ou Testamentiese rusdag. Hy nooit vermoede en belaste mense uit om tot Hom te kom en rus te vind vir hulle siele, Matt. 11:28-30. In sy persoon word die volle werklikheid van die vierde gebod gesien. Christus verwoord God se skeppingsbedoeling met die rusdag: die sabbat is gemaak vir die mens, Matt. 2:27. Die rusdag is bedoel om die mens rus te laat vind in sy Skepper en om die verlossing van slawerny en sonde te vier, Eks. 20:8-11, Deut. 5:12-15. Jesus stel ook die voorbeeld deur op die sabbat die samekoms in die sinagoge te besoek.

### **2. Sondag, dag van die kerk**

Op die eerste dag van die week het Christus uit die dood opgestaan en aan die vroue en aan sy dissipels verskyn, Matt. 28, Mark. 16, Luk. 24, Joh. 20,21. Ook op die eerste dag van die week gee Hy aan sy gemeente lewe en geloof deur die Heilige Gees op Pinkster uit te stort. Die Christelike kerk het op die eerste dag saamgekom om die Woord van die opgestane Heer te hoor en brood te breek, Hand. 20:7, tot God te bid en aan die gemeenskap gestalte te gee, 1 Kor. 16:1-2. Ons moet mekaar aanspoor om die samekomste nie te versuim tot op die dag van Christus se terugkoms, Heb. 10:25. Op die nuwe aarde sal die sabbatsrus ten volle geniet word, Heb. 4:9-10, Openb. 14:13.

### **3. Rus en viering**

Teenoor die tendense by owerheid en maatskappy om die Sondag se besondere karakter af te skaal, word getuig dat die

Skepper die ritme van werk en rus aan die mense gegee het, Eks. 23:11, en dat die Verlosser ons vrygekoop het uit die mag van die sonde en ons in sy gemeente tot heil roep. Die Sondag word dus gehou tot eer van die opgestane Heiland en as dag van die Christelike gemeente. Die viering van die Sondag moet so vorm kry dat dit 'n aantreklike beeld vertoon van rus by God en gemeenskap met mekaar. Op die Sondag sal dus gerus word van die daaglikse werk, Jes. 58:13. Uiteindelik is die doel om elke dag te leef van die rus wat ons in Hom het.

### **PRAKTIESE HULPMIDDEL**

Die deputate gee praktiese riglyne aan die hand van voorbeelde uit en met verwysing na ons daaglikse lewe. Die gevaar van moralisme word grootliks vermy deurdat die riglyne vanuit die skriftuurlike en Christosentriese deurdenking van die vierde gebod en die Sondag gegee word. Eers word die rus van werk, maar ook van sonde bespreek en hoedat die Sondag vanuit die geloof in Christus gevier behoort te word in die samekomste van die gemeente. Ook die onderwys aan die jeug word beklemtoon.

Reëlmatige Sondagarbeid word afgewys en riglyne gegee om dit te beoordeel. Hierin behoort die gemeente ook barmhartig en liefdevol met mekaar om te gaan.

Soos die gemeente ruimte maak vir die viering van die Sondag, so behoort dit ook in die huise gedoen te word. Huisreëls kan hierin die steun bied om die rus en die vrede op die dag van die Here te vind en te reël. Die Gees maak die ruimte in ons harte en deur huisreëls word ons kinders geleer om persoonlik vorm te gee aan die Sondagsrus. ✠

# LITURGIE

## - STIMULERENDE MIDDELS

H. Walinga

### LITURGIE

Aan die begin van hierdie hoofstuk wil ek my verskoning aanbied aan 'n jong belydeniskatkijsant wat eendag aan my die vraag gevra het: "Hoekom kyk al die mense altyd so ernstig as hulle aan die Nagmaalstafel aangaan? Dit is mos 'n feesmaaltyd?" Ek het nagedink oor hierdie vraag wat tog dikwels gevra word. Ek het ook met 'n ouer kollega-ouderling daarvoor gepraat en hy het geantwoord: "Onthou dat die Nagmaal twee kante het. Ons dink aan die verlossing wat 'n duidelike rede tot vreugde is. Maar jy kan jou ook voorstel dat daar mense is wat dink aan hulle sondes, dat dit die redes was vir die lyding en sterwe van Christus. Dit is geen rede tot feesviering nie! Die viering van die Nagmaal is nie iets wat jy sommer gedagtelooos doen nie. In die formulier lees ons: 'Almal wat nie so gesind is nie, eet en drink 'n oordeel oor hulleself.' Ek dink daar is baie mense wat hulle daarvan bewus is en daarom kyk hulle ernstig."

Tog is hierdie antwoord gedeeltelik verkeerd! In Handeling 2:46 staan daar: "... van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydschap geniet ..." Hier word 'n woord gebruik wat aandui dat hulle *demonstratief* bly was, soos wat die Israeliete op hulle groot feesdae bly was. Daar was nie plek vir droefheid nie! Demonstratief beteken nie dat hulle blydschap getoon het sonder dat hulle dit regtig gevoel het nie. Nee, hulle het die blydschap wat hulle gevoel het, gedemonstreer, dit gewys, omdat hulle nie anders kon nie. Die gelowiges het as't ware oorgeloop van blydschap.

In die gebed aan die einde van een van die formuliere vir die viering van

die Nagmaal lees ons dat dit hier gaan oor die "... heerlike gedagtenis aan die bittere dood van Christus." Iemand wat aan die Nagmaal deelneem, mag, as hy aan die uitnodiging gehoor neem, "daarvan verseker wees dat geen sonde of swakheid ... kan verhinder dat God ons in genade aanneem en waardig maak om deel te hê aan hierdie hemelse voedsel en drank nie." Hierin lê rede tot groot blydschap!

By die sakrament van die doop is dit vir baie mense meer duidelik. Die doopouers en die gemeente sit ook nie met somber gesigte en toekyk nie. Tog hoor ons dadelik by die begin van die doop: 'Daarom rus God se toorn op ons ...' en "deur die doop word die onreinheid van ons siele aan ons voorgestel." Daar is nie juis redes om jou vreugde te wys nie!

Baie mense het by die verskillende sakramente verskillende ervarings. Eintlik is dit merkwaardig, want albei sakramente is ingestel om ons geloof te versterk, om "... die belofte van die Evangelie beter te leer verstaan," (Sondag 25). By die viering van die Nagmaal is daar dus rede tot vreugde. En tog ... die oordenking van jou sondes by die selfbeproeving is nie iets wat 'n mens vroliker maak nie. Dit is



verstaanbaar dat mense – 'n paar dae of 'n week later – nog daarvan onder die indruk is. Jy hoor dan ook soms dat mense, soms selfs met enige verligting in hulle stem, sê: "Ons het weer 'n goeie Nagmaal gevier."

Daar is nog 'n ander rede hoekom ek so baie aandag hieraan bestee. In gesprekke met (veral jonger) mense wat steeds minder in die kerk kom, het dit soms na vore gekom dat hulle geïrriteerd raak met die (ouer) broeders en susters wat so somber aan die Nagmaalsstafel sit. "al die somberheid in die kerk, al die lang gesigte," merk hulle dan met afsku op, "daar voel ek nie tuis nie."

Ek dink nie dat ons 'n beperking moet lê aan die blydschap by die Nagmaalstafel nie. Ons mag ook beslis nie op grond daarvan gevolgtrekkings maak oor die geloof van 'n broeder of suster nie. Die liturgie van die Nagmaal gee verseker rede tot groot vreugde en verwondering, maar tegelykertyd gaan dit ook oor die "bittere" dood van ons Heiland.

In sommige kerke word die deel van die Nagmaalsformulier wat oor die selfbeproeving gegaan, nie op die Nagmaals-Sondag self gelees nie, maar die week daarvoor op die "voorbereiding vir die Heilige Nagmaal." Dit kan 'n goeie ding wees. Ongelukkig is dit dikwels so dat baie mense pas op die laaste oomblik besef dat die Nagmaal daardie Sondag gevier word. Dan



is daar nog min tyd oor om wel-oorwoë selfbeproeving te doen. Wanneer die broeders en susters reeds 'n week vantevore opgeroep is om hulleself te beproef, dan staan die hele week in die skaduwee van die verwagting van die verkondiging van die verlossing. Dit het twee gevolge: aan die een kant bring die selfbeproeving van die afgelope week die lidmate tot 'n ingetoë en bewuste viering. Aan die ander kant mag die selfbeproeving nie tot somberheid lei nie, maar juis tot 'n groter verwondering oor die genade wat die Here "demonstree" in die breking van die brood en die uitgiet van die wyn.

Terloops: het u al 'n slag die formuliere vir die Nagmaal en die doop vir u self gelees? Ja, natuurlik, dit is al talle kere voorgelees, maar het u dit al sêlf gelees? Lank terug het iemand my aangeraai om dit rustig te doen en dit tot my te laat deurdring. Dit was beslis die moeite werd. Ons het 'n pragtige stuk geloofsleer in hierdie formuliere. Met die oortuiging dat u daarvan ryker sal word, gee ek hierdie raad ook aan u deur.

Kom ons gaan weer terug na die doel – 'n pragtige liturgiese doel! – van die sakramente: om ons geloof te versterk. Ons laat die kind doop, nie om hom in die middelpunt van die belangstelling te plaas nie, maar om die geloof van elke betrokke, die doopouers, die dopende dominee, die kykende en luisterende gemeentelede, te versterk! Die vraag is nou of hierdie sakramentsliturgie – die lees van die formulier, die indringende vrae, die "ja" en die luister na alles, die besprinkeling met die water, die noem van die naam van daardie klein mensie in een sin met dié



van God die Vader, Seun en Heilige Gees, die gesamentlike bid en sing en dank – of dit alles wel altyd sy doel bereik. Laat ons altyd ons geloof versterk? Stel ons onself daarvoor oop? By die viering van die Nagmaal is dit makliker om hierdie vraag te beantwoord. Daar is altyd 'n duidelike moment van stilte om te oordink waarmee ons besig is.

Versterk. Dit beteken om iets sterker te maak as wat dit was. Dit is 'n aspek wat soms meer aandag kan kry in die dae na die doopbediening en na die viering van die Nagmaal. Ons kry 'n hartversterking van die Here. Daarmee kan ons feitlik op 'n beter vlak gaan lewe as voorheen. Natuurlik, die weeklikse woordbediening doen dit ook. Ek het dit in een van die vorige hoofstukke al genoem: "Daar mag nie 'n preek ontvang word sonder dat u 'n stukkie meer kan sien van die hemel nie," het ek daar geskryf. Hierdie uitsig word nou uitgebeeld in die voorbeeld van die doop en die Nagmaal. U kry nie net woorde nie, maar ook (voor)beelde: so het Christus sy liggaam laat breek en so is sy bloed vergiet. So was Christus se bloed die sondes af. En deur hierdie

weg, deur die offer, deur die afwassing mag ons hemelbewoners word. Eintlik is dit ongelooflik!

Daarna kom die dae ná die hartversterking. Ons het weer 'n stimulant om antwoord te gee op die pragtige boodskap, op die Evangelie wat ons "voor oë gestel is". Op die gewone Maandae en Woensdae wat volg, moet ons ons na 'n hoër vlak laat lei. Elke keer weer 'n treetjie hoër en 'n stappie verder. Want dit werk ook andersom. Ons gaan aan die Nagmaals-tafel, nadat ons onself beproef het en "van voorneme is om van nou af met my hele lewe uit ware dankbaarheid God te dien ..." en "... voortaan in liefde en vrede met my naaste te lewe." In die week wat volg blyk dikwels dat ons maar weer dieselfde foute maak. Maar dan mag ons terugdink aan die afgelope Sondag: ons het gesien hoe Christus sy offer gebring het, dus kan ook die sonde wat ek vanmôre of gister gedoen het, nie verhinder dat God ons in genade aanneem nie. As ons daaraan dink, dan kan ons mos verder gaan?

Verstaan u die rykdom van die liturgie van die doopbediening en die Nagmaalsviering? 'n Kort definisie van liturgie is: "Die manier waarop daar vorm gegee word aan die ontmoeting tussen God en sy gemeente." Hierdie liturgie word realiteit by die doop en die Nagmaal. Dit is pragtige (voorbeeld)s vorme. Brood en wyn: daaglikse kos en drank. Doopwater: gewone kraanwater. In die daaglikse lewe is dit middels om verder te lewe, te werk, te praat en te dink. In die verhouding van God met sy volk is dit stimulerende middels om verder te kan gaan in en na Gods koninkryk. ✠

# LIEFDE IN DIE OPVOEDING

## OPVOEDING EN ONDERWYS

Artikel n.a.v. “Die vyf tale van die liefde van kinders”, deur Gary Chapman. Verkorte vertaalde weergawe van Jetse Baas, mede-redakteur van die opvoedingstydskrif “Opvoeding en onderwys”.

Liefde is onmisbaar vir elke mens. Soos die son die aarde verwarm, so is liefde die warmte wanneer dit kom by opvoeding van kinders. In die Bybel vind ons die mooiste voorbeeld van die liefde. God se onvoorwaardelike liefde vir ons, sy kinders wat sigbaar word by elkeen se doop.

Geduldig, genadig, sy alles oortreffende liefde is vir ons ‘n voorbeeld in die opvoeding van elke dag (Psalm 103:5 berym):

*“Hy sal nie altoos twis teen ons ontrou nie of ewiglik die toorn teen ons behou nie, want wie kan dra God’s ewige gramskap – wie? Hy sal met ons nie na ons sondes handel, ons nie vergeld die boosheid van ons wandel; Hy straf ons, maar na al ons sondes nie”.*

Ware liefde is om te dien, om jouself op te offer vir ‘n ander. Van uiterste belang is die onvoorwaardelike aanvaarding van jou kind. Opvoeding in liefde bied ‘n gevoel van geborgenheid en veiligheid.

In 1 Korinthiërs 13 het Paulus die “Uitnemendheid van die Liefde” opgeteken. Daar word duidelik wat die liefde is. Vers 7: “die liefde bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.” Vers 13: “En nou bly geloof, hoop, liefde- hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde”

### DIE VYF TALE VAN DIE LIEFDE

Hoe word dit gedoen? Opvoeding vanuit liefde?

Nie elkeen het dieselfde behoeftes as dit kom by die oordra of ontvang van liefde nie. Volgens Gary Chapman is daar vyf tale van die liefde by die mens. By elke persoon afsonderlik, spreek een van die vyf tale tog die meeste aan. Om die taal te leer ken is ‘n belangrike begin van opvoeding in liefde.

### WAT IS DIE VYF TALE VAN DIE LIEFDE?

#### 1. Liggaamlike aanraking:

Dis een van die kragtige liefdestale. En dit geld nie net vir kinders nie, dit is vir alle leeftydsgroepe baie belangrik.

Kinders het baie liefdevolle fisiese aanraking nodig. Selfs skoolgaande kinders het ‘n groot behoefte aan fisiese aanraking van ouers. Dit bied sekerheid en rus. Daar is niks wat die plek kan vul van die liefde wat pa en ma aan hulle kinders gee nie.



‘n Veilige tuiste laat die behoefte aan liggaamlike aanraking tot sy reg kom.

As die kind ouer word, veral seuns, is hulle geneig om hierdie fisiese aanraking te vermy, selfs af te wys. Dikwels is dit net ‘n front wat hulle voorhou. Hulle vra net aanraking op ‘n ander manier. ‘n Stoeiery met pa, of fisiese kontak deur middel van ‘n sportaktiwiteit.

In die puberteitsjare raak dinge nog meer ingewikkeld. Liggaamlike kontak is vir seuns kinderagtig, en vir pa is liggaamlike kontak met sy dogter onvanpas.

Tog moet liggaamlike kontak behou word. Hulle het juis in hierdie fase van hul lewe, behoefte aan bevestiging van die ouers se onvoorwaardelike liefde. Moet dit egter nie opdring nie. As ‘n kind die liefde aanhoudend afwys, vind uit wat die redes is vir die afwysende gedrag.

As jy self egter ‘n persoon is wat nie gemaklik voel met fisiese aanraking nie, gee Chapman op bladsy 43 en verder, goeie raad en aksieplanne wat persoonlik toegepas kan word:

**Dit is goed om terug te dink aan jou eie ervarings tuis. Hoe jou ouers daarmee omgegaan het. Het jy as ouer genoeg fisiese kontak met jou kinders? Doen moeite om meer fisiese kontak met jou kinders te hê. Dit is so noodsaaklik!”**

#### 2. Positiewe woorde

Liefdevolle woorde is ‘n kragtige vorm van kommunikasie. Positiewe woorde is blywende wins. ‘n Kind pluk sy lewe lank die vrugte van positiewe woorde, maar net so het negatiewe woorde ‘n lewenslange negatiewe uitwerking. As jy vir jou kind sê: “Ek is lief vir jou” en daarmee

saam ook liefdevol optree, het dit net soveel meer waarde.


Chapman onderskei verskillende soorte woorde waarmee liefde aan kinders geuit kan word;

- prysende,
- liefdevolle,
- bemoedigende,
- leidinggewende woorde.

Positiewe opmerkings moet voorkeur geniet. Vermyn negatiewe aanmerkings, wat so maklik geuit word. Ruim meer tyd in om gerig met een kind besig te wees. Fokus op die kind vir wie hy/sy **is** en nie op wat hy/sy **doen** nie.

### 3. Tyd en aandag

Kinders wat liefde en aandag vra, en dit nie genoegsaam ontvang nie, vra negatiewe aandag net om aandag te kry. Onverdeelde aandag is só belangrik. Die kind heg baie waarde aan die tyd wat saam met hom/haar deurgebring word. **Wát** julle saam doen, kom tweede. Tyd en aandag vir jou kinders, is 'n belegging. Kinders het jou voorbeeld en invloed baie nodig. Om saam pret te hê en te lag, is altyd 'n wenner!



Neem tyd om goeie gesprekke met jou kinders te hê. Hou oogkontak.

Tyd en aandag is seker die liefdestaal wat, in ons tyd, die maklikste eenkant gegooi word. Wie **het** dan nog tyd om af te knyp?

'n Mens kan jouself afvra hoeveel tyd en aandag jy aan jou kind/ers bestee het in die afgelope week. Neem jouself voor om een uur per week met elkeen van jou kinders afsonderlik, tyd te spandeer.

### 4. Geskenke

Sê dit met blomme ... 'n selfgemaakte kaartjie ... of 'n geskenkie van 'n verlanglysie af ... Dis hartverwarmend om 'n geskenk te ontvang wat by jou pas. Groot en duur is nie van belang nie. Aandag en liefde maak 'n geskenk!



Omkoopgeskenke daarenteen, is negatief en oneg. Laat die geskenk wat jy gee, 'n opregte uiting van liefde wees, of jy dit self gemaak of gekoop het.



Watter doel het jy met die gee van geskenke? Sien die kind die geskenk in dieselfde lig as jy? Vra hulle gerus daarvoor uit.

Gaan kyk bietjie na die speelgoed waarvoor jou kind beskik:

- is dit speelgoed wat 'n positiewe en gesonde uitwerking op die kind het?
- is dit speelgoed wat in-die-mode was en nou doelloos rondlê?
- is dit speelgoed wat jyself gemaak het, of saam met hulle kan geniet? 'n Bordspeletjie byvoorbeeld?

### 5. Diensbaarheid

Ouerskap is om te dien. Deur jou dienende voorbeeld in geloof, leer die kind om te dien. Ouers het op hulle beurt ook geleer van voorbeelde. Ons Groot Dienaar, wat sy lewe gegee het om ons te red, Hy is ons eerste en belangrikste voorbeeld van diensbaarheid.

As jy vir jou kind iets doen waarvoor hy/sy nog nie opgewasse is nie, dien jy in liefde. Om jou vierjarige se bed op te maak is dien in liefde, maar 'n agtjarige kind kan die takie self verrig.

Diensbaarheid is 'n middel tot 'n doel. Ouers begin met die dien van hul kinders, daarna word kinders geleer om hulleself en ander te dien. Diensbaarheid vanuit 'n liefdevolle hart voorkom kinders wat slaafse navolgers van ouers word, en ouers wat slawe van hulle kinders word.

Diensbaarheid teenoor ander is jou uiteindelijke doel. Hierdie lewensuitkyk word nie binne 'n dag aangeleer nie. Dit vra gedurige voorlewe, lewenslange voorlewe.





Om diensbaarheid te verbeter begin by jou-self. Sorg eers dat jysself gebalanseerd is. Pak iets saam met jou kind aan wat by sy leeftyd pas, en sorg dat dit afgehandel word. Beter nog, maak iets vir iemand anders en sorg dat dit by die persoon uitkom.

So leer die kind diensbaarheid teenoor 'n anders en ervaar hy/sy ook die positiewe terugvoer wat dit meebring. So leer hy ander liefhê en 'n ander se liefdestaal verstaan.

Verwag jy van jou kinders wat by hulle ouderdom pas? Doen jy nie te veel vir jou kind nie? Sal jou kind nie baie meer verantwoordelikheid leer as hy meer verantwoordelikheid moet aanvaar nie?

### HOE STEL JY DIE TAAL VAS WAARIN JOU KIND KOMMUNIQUEER?

Chapman gee 'n paar wenke;

- Let op na die **manier** waarop die kind self sy/haar liefde teenoor ander, en teenoor jou as ouer, uit.
- **Luister** na jou kind. Vra hy/sy baie tyd en aandag? Floereer hy/sy op positiewe woorde? Gee hy/sy baie drukkie en soentjies?
- 'n **Klaerige** kind is 'n **gefrustreerde** kind wat dui op te min, of verkeerde aandag.
- Om die soektog na jou kind se liefdestaal te vergemaklik kan jy opsies gee waaruit jou kind moet kies bv. is jy lus om te gaan stap of gaan ons vir ouma 'n bossie blomme pluk uit die tuin en vir haar bring?



### WATTER ROL SPEEL DISSIPLINE BY DIE VYF TALE VAN DIE LIEFDE?

Opvoed vanuit liefde is essensieel. Dissipline is egter 'n onmisbare onderdeel. Ware liefde loop hand aan hand met dissipline. Dissipline is glad nie negatief



nie. Hoewel kinders daarop uit is om te kyk hoe ver hulle met jou kan gaan, is hulle doel daarmee om jou grense te leer ken.

'n Kind wat die liefde van sy ouers ervaar, aanvaar ook die dissipline wat daarmee saamgaan.

Ouers se **doel** met die opvoeding van hul kinders word geuit deur;

- 'n voorbeeld vir hulle te wees,
- kennis aan hulle oor te dra,
- hulle gedrag met woorde te korrigeer,
- en deur te straf.

Ouers kan 'n positiewe invloed uitoefen op hul kind/ers se onaanvaarbare gedrag deur vrae te vra, opdragte te gee, fisieke begeleiding, straf, en deur sekere aktiwiteite te verbied bv. televisie kyk.



### LEER OP SKOOL

'n Kind wat emosionele stabiliteit ervaar, is 'n gebalanseerde kind. Daarom sal ouers wat betrokke is by hulle kinders se skoolwerk, 'n positiewe uitwerking op die kind se prestasies hê. Hulle help op die manier saam om die kind se potensiaal te laat ontwikkel. Vir die leerkragte by die skool is dit net so belangrik om die kind te aanvaar vir wie hy/sy is. So 'n kind, wat onvoorwaardelik aanvaar word vir wie hy/sy is, is 'n kind wat min probleme het en veroorsaak.

Ken jou eie liefdestaal en benader 'n ander in sy/haar liefdestaal. Soos Christus onvoorwaardelik gerig was op ons redding tot in ewigheid, so moet sy Beeld ons houding bepaal.

Die boek bied baie vir die ouer wat besig is met opvoeding. Die boek stimuleer jou om die opvoedingstaak doelgerig en met liefde aan te pak. ❧